

BYLAE**“OECD STANDARD FOR AUTOMATIC EXCHANGE OF FINANCIAL ACCOUNT
INFORMATION IN TAX MATTERS”****AANHEF**

- A.** Hierdie Regulasies geld vir en in verband met die implementering van verpligtings wat mag voortspruit of voortspruit kragtens—
- (1) die volgende ooreenkomste of reëlings, ten opsigte waarvan hierdie Regulasies afsonderlik van toepassing is behalwe waar die samehang andersins vereis:
- (a) die “Multilateral Competent Authority Agreement” (“MCAA”) deur die Bevoegde Owerheid van Suid-Afrika op die 23e Oktober 2014 met die Deelnemende Jurisdiksies, soos van tyd tot tyd deur die OESO opgedateer en gepubliseer, geteken; en
- (b) enige ander multilaterale of bilaterale ooreenkoms of reëling tussen Suid-Afrika en ’n ander jurisdiksie, soos van tyd tot tyd deur SAID opgedateer en gepubliseer, wat vir die implementering van die Standaard voorsiening maak; of
- (2) hierdie regulasies ten opsigte van of in verband met die verkry, byhou en voorsiening aan SAID van inligting betreffende ’n Rapporteerbare-jurisdiksie Persoon in enige jurisdiksie nie kragtens subparagraaf (1) ingesluit vir binnelandse doeleindes of daaropvolgende uitruil van inligting wanneer sodanige jurisdiksie ’n jurisdiksie ingesluit kragtens subparagraaf (1) word.
- B.** Die OESO het die Standaard ontwikkel om internasionale belastingnakoming te verbeter. Die Standaard omvat die “CRS” vir outomatiese uitruil van inligting kragtens ’n ooreenkoms of reëling bedoel in paragraaf A.
- C.** Hierdie Regulasies dui die veranderinge aan die “CRS” aan wat noodsaaklik is om Suid-Afrika in staat te stel om sy verpligtings kragtens ’n ooreenkoms of reëling bedoel in paragraaf A ingevolge die Standaard na te kom.
- D.** Suid-Afrika se selektering van jurisdiksie-keuses wat kragtens die “CRS” en die Kommentare op die “CRS” toegelaat word, doen nie afbreuk nie aan die feit dat hierdie Regulasies in ooreenstemming met die Kommentare gelees moet word.

Artikel I

Algemene Rapporteringsvereistes

- A. Behoudens paragrafe C tot en met F moet elke Rapporterende Finansiële Instelling aan SAID die volgende inligting met betrekking tot elke Rapporteerbare Rekening van sodanige Rapporterende Finansiële Instelling rapporteer:
- (1) die naam, adres, jurisdiksie(s) van inwoning, BIN en datum en (in die geval van 'n individu) die plek van geboorte of, indien paragraaf E van hierdie Artikel van toepassing is, die land van geboorte, van elke Rapporteerbare Persoon wat 'n Rekeninghouer van die rekening is en, in die geval van enige Entiteit wat 'n Rekeninghouer is en wat, na toepassing van die omsigtighedsprosedures bestaanbaar met Artikels V, VI en VII, geïdentifiseer word as een of meer Beherende Persone te hê wat 'n Rapporteerbare Persoon is, die naam, adres, jurisdiksie(s) van inwoning en BIN van die Entiteit en die naam, adres, jurisdiksie(s) van inwoning, BIN en datum en plek van geboorte of land van geboorte, na gelang van die geval, van elke Rapporteerbare Persoon;
 - (2) die rekeningnommer (of funksionele ekwivalent by gebrek aan 'n rekeningnommer);
 - (3) die naam en identifiserende nommer (as daar is) van die Rapporterende Finansiële Instelling;
 - (4) die rekeningsaldo of -waarde (insluitend, in die geval van 'n Kontantwaarde Versekeringkontrak of Annuïteitskontrak, die Kontantwaarde of afkoopwaarde) soos aan die einde van die toepaslike Rapporteringstydperk of, indien die rekening gedurende sodanige tydperk gesluit is, die saldo soos op een dag voor die sluiting van die rekening;
 - (5) in die geval van enige Bewaringsrekening:
 - (a) die totale bruto bedrag aan rente, die totale bruto bedrag aan dividende, en die totale bruto bedrag aan ander inkomste gegeneer met betrekking tot die bates in die rekening gehou, in elke geval aan die rekening (of met betrekking tot die rekening) gedurende die Rapporteringstydperk betaal of gekrediteer; en
 - (b) die totale bruto opbrengs uit die verkoop of aflos van Finansiële Bates aan die rekening betaal of gekrediteer gedurende die Rapporteringstydperk met betrekking waartoe die Rapporterende Finansiële Instelling as bewaarder, makelaar, benoemde, of andersins as 'n agent vir die Rekeninghouer opgetree het;
 - (6) in die geval van enige Depositorekening, die totale bruto bedrag aan rente gedurende die Rapporteringstydperk aan die rekening betaal of gekrediteer; en

- (7) in die geval van enige rekening nie in subparagraaf A(5) or (6) beskryf nie, die totale bruto bedrag met betrekking tot die rekening aan die Rekeninghouer betaal of gekrediteer gedurende die Rapporteringstydperk met betrekking waartoe die Rapporterende Finansiële Instelling die skuldenaar of debiteur is, insluitend die saamgestelde bedrag van enige aflosbetalings gedurende die Rapporteringstydperk aan die Rekeninghouer gemaak.
- B.** Die inligting wat gerapporteer word, moet die geldeenheid identifiseer waarin elke bedrag gedenomineer word.
- C.** Ondanks subparagraaf A(1), met betrekking tot elke Rapporteerbare Rekening wat 'n Voorafbestaande Rekening is, is dit nie nodig om die BIN of geboortedatum te rapporteer nie indien sodanige BIN of geboortedatum nie op die rekords van die Rapporterende Finansiële Instelling is nie en dit nie andersins kragtens Suid-Afrikaanse binnelandse reg van sodanige Rapporterende Finansiële Instelling vereis word om dit te versamel nie. Van 'n Rapporterende Finansiële Instelling word egter vereis om redelike pogings aan te wend om die BIN en geboortedatum met betrekking tot Voorafbestaande Rekenings te verkry teen die einde van die tweede Rapporteringstydperk wat volg op die Rapporteringstydperk waarin Voorafbestaande Rekenings as Rapporteerbare Rekenings geïdentifiseer is.
- D.** Ondanks subparagraaf A(1) is dit nie nodig om die BIN te rapporteer nie indien (i) 'n BIN nie deur die toepaslike Rapporteerbare Jurisdiksie uitgereik word nie of (ii) die binnelandse reg van die toepaslike Rapporteerbare Jurisdiksie nie die versameling van die BIN uitgereik deur sodanige Rapporteerbare Jurisdiksie vereis nie.
- E.** Ondanks subparagraaf A(1) is dit nie nodig om die geboorteplek te rapporteer nie tensy die Rapporterende Finansiële Instelling andersins kragtens binnelandse reg verplig word om dit te verkry en te rapporteer en dit in die elektronies soekbare data deur die Rapporterende Finansiële Instelling bygehou, beskikbaar is.
- F.** Elke Rapporterende Finansiële Instelling moet by SAID 'n opgawe wat deur openbare kennisgewing uitgereik kragtens artikel 26 van die Wet op Belastingadministrasie vereis word vir die toepaslike Rapporteringstydperk, wat die inligting beskryf in paragraaf A bevat, indien.

Artikel II

Algemene Omsigtigheidsvereistes

- A.** (1) 'n Rapporterende Finansiële Instelling moet omsigtigheidsprosedures vestig, byhou en dokumenteer, wat ontwerp is om rapporteerbare rekenings te identifiseer, welke prosedures die jurisdiksie moet identifiseer waarin 'n rekeninghouer of 'n beherende persoon inwonend is vir die

doeleindes van enige belasting deur die reg van daardie jurisdiksie gehef, en moet die omsigtighedsprosedures in hierdie Regulasies uiteengesit, toepas.

- (2) 'n Rekening word as 'n Rapporteerbare Rekening behandel met ingang van die datum waarop dit ingevolge die omsigtighedsprosedures in Artikels II tot en met VII as sodanig geïdentifiseer word en, tensy andersins bepaal, moet inligting met betrekking tot 'n Rapporteerbare Rekening jaarliks gerapporteer word in die tydperk wat volg op die Rapporteringstydperk waarop die inligting betrekking het.
- B.** Die saldo of waarde van 'n rekening word soos op die laaste dag van die Rapporteringstydperk bepaal, tensy dit nie moontlik of gewoon is om 'n spesifieke tipe rekening op daardie datum te waardeer nie, in welke geval die waarde op die normale waarderingsdatum vir sodanige rekening wat die naaste is aan die laaste dag van Februarie in daardie Rapporteringstydperk gebruik moet word.
- C.** Waar 'n saldo- of waardedrempel soos op die laaste dag van die Rapporteringstydperk bepaal moet word, moet die toepaslike saldo of waarde bepaal word soos op die laaste dag van die rapporteringstydperk wat met of binne daardie Rapporteringstydperk eindig.
- D.** Rapporterende Finansiële Instellings mag diensverskaffers gebruik om die rapporterings- en omsigtighedsverpligtings na te kom wat sodanige Rapporterende Finansiële Instellings opgelê word, maar hierdie verpligtings bly die verantwoordelikheid van die Rapporterende Finansiële Instellings.
- E.** 'n Rapporterende Finansiële Instelling mag die omsigtighedsprosedures vir—
- (1) Nuwe Rekenings op alle Voorafbestaande Rekenings of met betrekking tot enige duidelik geïdentifiseerde groep Voorafbestaande Rekenings toepas, maar die reëls wat andersins op sodanige Voorafbestaande Rekenings van toepassing is, hou aan om van toepassing te wees; en
- (2) Hoë-waarde Rekenings op alle Laer-waarde Rekenings toepas.

Artikel III

Omsigtigheid vir Voorafbestaande Individuele Rekenings

Die volgende prosedures is met die oog op identifisering van Rapporteerbare Rekenings vanuit Voorafbestaande Individuele Rekenings van toepassing.

- A. Rekenings wat nie hersien, geïdentifiseer of gerapporteer hoef te word nie.** Daar word nie vereis dat 'n Voorafbestaande Individuele Rekening wat 'n Kontantwaarde Versekeringskontrak of 'n Annuïteitskontrak is, hersien, geïdentifiseer of gerapporteer moet word nie, op voorwaarde dat die Rapporterende Finansiële Instelling effektief by wet verhoed word om sodanige Kontrak aan inwoners van 'n Rapporteerbare Jurisdiksie te verkoop.
- B. Laer-waarde rekenings.** Die volgende prosedures is met betrekking tot Laer-waarde Rekenings van toepassing.
- (1) **Woonadres.** Indien die Rapporterende Finansiële Instelling 'n huidige inwoningsadres vir die individuele Rekeninghouer gebaseer op Dokumentêre Bewys op rekord het, mag die Rapporterende Finansiële Instelling met die doel om te bepaal of sodanige individuele Rekeninghouer 'n Rapporteerbare Persoon is, die individuele Rekeninghouer behandel asof die Rekeninghouer 'n inwoner vir belastingdoeleindes is van die jurisdiksie waarin die adres geleë is.
 - (2) **Elektroniese Rekordsoektog.** Indien die Rapporterende Finansiële Instelling nie op 'n huidige inwoningsadres vir die individuele Rekeninghouer gebaseer op Dokumentêre Bewys soos in subparagraaf B(1) uiteengesit, staatmaak nie, moet die Rapporterende Finansiële Instelling elektronies deursoekbare data bygehou deur die Rapporterende Finansiële Instelling vir enige van die volgende aanduiders nagaan en subparagrafe B(3) tot (6) toepas:
 - (a) Identifisering van die Rekeninghouer as 'n inwoner van 'n Rapporteerbare Jurisdiksie;
 - (b) Huidige pos- of inwoningsadres (insluitend 'n posbus) in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie;
 - (c) Een of meer telefoonnummers in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie en geen telefoonnummer in die jurisdiksie van die Rapporterende Finansiële Instelling nie;
 - (d) Staande opdragte (anders as met betrekking tot 'n Depositorekening) om fondse oor te dra na 'n rekening in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie gehou;
 - (e) Huidig geldige volmag of tekenregte aan 'n persoon met 'n adres in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie toegestaan; of
 - (f) 'n "Poste restante"-opdrag of "per adres"-adres in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie indien die Rapporterende Finansiële Instelling nie enige ander adres vir die Rekeninghouer op lêer het nie.
 - (3) Indien nie een van die aanduiders gelys in subparagraaf B(2) in die elektroniese soektog ontdek word nie, dan word geen verdere optrede vereis nie totdat daar 'n verandering in omstandighede is wat tot gevolg

het dat een of meer aanduiders met die rekening in verband gebring word, of die rekening 'n Hoë-waarde Rekening word.

- (4) Indien enige van die aanduiders gelys in subparagraaf B(2)(a) tot en met (e) in die elektroniese soektog ontdek word, of indien daar 'n verandering in omstandighede is wat tot gevolg het dat een of meer aanduiders met die rekening in verband gebring word, dan moet die Rapporterende Finansiële Instelling die Rekeninghouer behandel soos 'n inwoner vir belastingdoeleindes van elke Rapporteerbare Jurisdiksie waarvoor 'n aanduiders geïdentifiseer word, tensy dit kies om subparagraaf B(6) toe te pas en een van die uitsonderings in sodanige subparagraaf met betrekking tot daardie rekening van toepassing is.
- (5) Indien 'n "Poste restante"-opdrag of "per adres"-adres in die elektroniese soektog ontdek word en geen ander adres en geen van die ander aanduiders gelys in subparagraaf B(2)(a) tot en met (e) vir die Rekeninghouer geïdentifiseer word nie, moet die Rapporterende Finansiële Instelling, in die orde wat in die omstandighede die geskikste is, die papierrekordsoektog beskryf in subparagraaf C(2) toepas, of poog om van die Rekeninghouer 'n self-sertifisering of Dokumentêre Bewys te verkry ten einde die inwoning(s) vir belastingdoeleindes van sodanige Rekeninghouer vas te stel. Indien die papiersoektog nie daarin slaag om 'n aanduiders vas te stel nie en die poging om die self-sertifisering of Dokumentêre Bewys te verkry nie suksesvol is nie, moet die Rapporterende Finansiële Instelling die rekening as 'n ongedokumenteerde rekening rapporteer.
- (6) Ondanks die vind van aanduiders kragtens subparagraaf B(2), word nie van 'n Rapporterende Finansiële Instelling vereis om 'n Rekeninghouer as 'n inwoner van 'n Rapporteerbare Jurisdiksie te behandel nie indien:
 - (a) Die Rekeninghouer-inligting 'n huidige pos- of inwoningsadres in die Rapporteerbare Jurisdiksie, een of meer telefoonnommers in die Rapporteerbare Jurisdiksie (en geen telefoonnommer in die jurisdiksie van die Rapporterende Finansiële Instelling nie) of staande opdragte (met betrekking tot Finansiële Rekenings anders as Depositorekenings) om fondse oor te dra na 'n rekening gehou in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie bevat, die Rapporterende Finansiële Instelling 'n rekord verkry, of tevore 'n rekord nagegaan het en byhou van:
 - (i) 'n Self-sertifisering van die Rekeninghouer van die jurisdiksie(s) van inwoning van sodanige Rekeninghouer wat nie sodanige Rapporteerbare Jurisdiksie insluit nie; en
 - (ii) Dokumentêre Bewys wat die Rekeninghouer se nie-rapporteerbare status vestig.

- (b) Die Rekeninghouer-inligting 'n tans geldige volmag of tekenregte bevat, toegestaan aan 'n persoon met 'n adres in die Rapporteerbare Jurisdiksie, die Rapporterende Finansiële Instelling 'n rekord verkry, of tevore 'n rekord nagegaan het en byhou van:
- (i) 'n Self-sertifisering van die Rekeninghouer van die jurisdiksie(s) van inwoning van sodanige Rekeninghouer wat nie sodanige Rapporteerbare Jurisdiksie insluit nie; of
 - (ii) Dokumentêre Bewys wat die Rekeninghouer se nie-rapporteerbare status vasstel.

C. Uitgebreide-Hersieningprosedures vir Hoë-waarde Rekenings. Die volgende uitgebreide-hersieningsprosedures is met betrekking tot Hoë-waarde Rekenings van toepassing.

- (1) **Elektroniese Rekordsoektog.** Met betrekking tot Hoë-waarde Rekenings, moet die Rapporterende Finansiële Instelling elektronies deursoekbare data bygehou deur die Rapporterende Finansiële Instelling nagaan vir enige van die aanduiders in subparagraaf B(2) beskryf.
- (2) **Papierrekordsoektog.** Indien die Rapporterende Finansiële Instelling se elektronies deursoekbare databasisse velde insluit vir, en al die inligting bevat wat beskryf word in, subparagraaf C(3), dan word 'n verdere papierrekordsoektog nie vereis nie. Indien die elektroniese databasisse nie al hierdie inligting bevat nie, dan moet, met betrekking tot 'n Hoë-waarde Rekening, die Rapporterende Finansiële Instelling ook die huidige klantmeesterlêer en, namate nie vervat in die huidige klantmeesterlêer nie, die volgende dokumente verbonde met die rekening en binne die afgelope vyf jaar deur die Rapporterende Finansiële Instelling verkry vir enige van die aanduiders in subparagraaf B(2) beskryf, nagaan:
 - (a) Die mees onlangse Dokumentêre Bewys met betrekking tot die rekening versamel;
 - (b) Die mees onlangse rekeningopeningskontrak of -dokumentasie;
 - (c) Die mees onlangse dokumentasie deur die Rapporterende Finansiële Instelling volgens TGW/KJK-prosedures of vir ander regulatoriese doeleindes verkry;
 - (d) Enige volmag of tekenregvorms wat tans geldig is; en
 - (e) Enige staande opdragte (anders as met betrekking tot 'n Depositorekening) om fondse oor te dra wat tans geldig is.
- (3) **Uitsondering namate databasisse voldoende inligting bevat.** Van 'n Rapporterende Finansiële Instelling word nie vereis om die papierrekordsoektog beskryf in subparagraaf C(2) uit te voer nie namate

die Rapporterende Finansiële Instelling se elektronies deursoekbare inligting die volgende insluit:

- (a) Die Rekeninghouer se inwonerstatus;
 - (b) Die Rekeninghouer se inwoningsadres en posadres wat tans by die Rapporterende Finansiële Instelling op rekord is;
 - (c) Die Rekeninghouer se telefoonnommer(s), as daar is, wat tans by die Rapporterende Finansiële Instelling op lêer is;
 - (d) In die geval van Finansiële Rekenings anders as Depositorekenings, of daar staande opdragte om fondse in die rekening na 'n ander rekening oor te plaas (insluitend 'n rekening by 'n ander tak van die Rapporterende Finansiële Instelling of 'n ander Finansiële Instelling) is;
 - (e) Of daar 'n huidige "per adres"-adres of "poste restante"-opdrag vir die Rekeninghouer is; en
 - (f) Of daar enige volmag of tekenregte vir die rekening is.
- (4) **Verhoudingbestuurdernavraag vir werklike kennis.** Bykomend tot die elektroniese en papierrekordsoektogte in subparagrafe C(1) en (2) beskryf, moet die Rapporterende Finansiële Instelling enige Hoë-waarde Rekening toegeken aan 'n verhoudingbestuurder (insluitend enige Finansiële Rekening met daardie Hoë-waarde Rekening saamgevoeg) as 'n Rapporteerbare Rekening behandel indien die verhoudingbestuurder werklike kennis het dat die Rekeninghouer 'n Rapporteerbare Persoon is.
- (5) **Uitwerking wanneer aanduiders gevind word.**
- (a) Indien geen van die aanduiders gelys in subparagraaf B(2) in die uitgebreide hersiening van Hoë-waarde Rekenings beskryf in paragraaf C ontdek word nie, en die rekening word nie geïdentifiseer as deur 'n Rapporteerbare Persoon in subparagraaf C(4) gehou te word nie, dan word verdere optrede nie vereis nie totdat daar 'n verandering in die omstandighede is wat tot gevolg het dat een of meer aanduiders met die rekening in verband gebring word.
 - (b) Indien enige van die aanduiders gelys in subparagraaf B(2)(a) tot en met (e) tydens die uitgebreide hersiening van Hoë-waarde Rekenings in paragraaf C hierbo beskryf, ontdek word, of as daar 'n daaropvolgende verandering in omstandighede is wat tot gevolg het dat een of meer aanduiders met die rekening in verband gebring word, dan moet die Rapporterende Finansiële Instelling die rekening behandel soos 'n Rapporteerbare Rekening met betrekking tot elke Rapporteerbare Jurisdiksie waarvoor 'n aanduiding geïdentifiseer word tensy dit kies om subparagraaf B(6) van hierdie Artikel toe te

pas en een van die uitsonderings in sodanige subparagraaf met betrekking tot daardie rekening van toepassing is.

- (c) Indien 'n "poste restante"-opdrag of "per adres"-adres in die uitgebreide hersiening van Hoë-waarde Rekenings beskryf in paragraaf C hierbo ontdek word, en geen ander adres en geen van die ander aanduiders gelys in subparagraaf B(2)(a) tot en met (e) word vir die Rekeninghouer geïdentifiseer nie, moet die Rapporterende Finansiële Instelling van sodanige Rekeninghouer 'n self-sertifisering of Dokumentêre Bewys verkry ten einde die inwoning(s) vir belastingdoeleindes van die Rekeninghouer vas te stel. Indien die Rapporterende Finansiële Instelling nie sodanige self-sertifisering of Dokumentêre Bewys kan verkry nie, moet dit die rekening as 'n ongedokumenteerde rekening aan SAID rapporteer.
- (6) Indien 'n Voorafbestaande Individuele Rekening nie soos op 29 Februarie 2016 'n Hoë-waarde Rekening is nie, maar 'n Hoë-waarde Rekening soos op die laaste dag van 'n daaropvolgende Rapporteringstydperk word, moet die Rapporterende Finansiële Instelling die uitgebreide-hersieningsprosedures beskryf in paragraaf C met betrekking tot sodanige rekening volg binne die Rapporteringstydperk wat volg op die tydperk waarin die rekening 'n Hoë-waarde Rekening word. Indien, gebaseer op hierdie hersiening, sodanige rekening as 'n Rapporteerbare Rekening geïdentifiseer word, moet die Rapporterende Finansiële Instelling die vereiste inligting aangaande sodanige rekening met betrekking tot die Rapporteringstydperk waarin dit as 'n Rapporteerbare Rekening geïdentifiseer word en daaropvolgende tydperke op 'n jaarlikse grondslag rapporteer, tensy die Rekeninghouer ophou om 'n Rapporteerbare Persoon te wees.
- (7) Wanneer 'n Rapporterende Finansiële Instelling die uitgebreide-hersieningsprosedures beskryf in paragraaf C op 'n Hoë-waarde Rekening toepas, word nie van die Rapporterende Finansiële Instelling vereis om sodanige prosedures, buiten die verhoudingbestuurdevraag beskryf in subparagraaf C(4), weer in enige daaropvolgende jaar op dieselfde Hoë-waarde Rekening toe te pas nie tensy die rekening ongedokumenteer is, in welke geval die Rapporterende Finansiële Instelling hulle jaarliks moet hertoepas totdat sodanige rekening ophou om ongedokumenteer te wees.
- (8) Indien daar met betrekking tot 'n Hoë-waarde Rekening 'n verandering in omstandighede is wat tot gevolg het dat een of meer aanduiders beskryf in subparagraaf B(2) met die rekening in verband gebring word, dan moet die Rapporterende Finansiële Instelling die rekening as 'n Rapporteerbare Rekening behandel met betrekking tot elke Rapporteerbare Jurisdiksie waarvoor 'n aanduiders geïdentifiseer word tensy dit kies om subparagraaf

B(6) toe te pas en een van die uitsonderings in daardie subparagraaf is met betrekking tot daardie rekening van toepassing.

(9) 'n Rapporterende Finansiële Instelling moet prosedures implementeer om te verseker dat 'n verhoudingbestuurder enige verandering in omstandighede van 'n rekening identifiseer. Byvoorbeeld, indien 'n verhoudingbestuurder in kennis gestel word dat die Rekeninghouer 'n nuwe posadres in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie het, word van die Rapporterende Finansiële Instelling vereis om die nuwe adres as 'n verandering in omstandighede te behandel en, indien dit kies om subparagraaf B(6) toe te pas, word daarvan vereis om die toepaslike dokumentasie van die Rekeninghouer te verkry.

- D. Hersiening van Voorafbestaande Hoë-waarde Individuele Rekenings moet teen die laaste dag van Februarie 2017 voltooi word en die hersiening van Laer-waarde Voorafbestaande Individuele Rekenings teen die laaste dag van Februarie 2018.
- E. Enige Voorafbestaande Individuele Rekening wat kragtens hierdie Artikel as 'n Rapporteerbare Rekening geïdentifiseer word, moet in alle daaropvolgende Rapporteringstydperke as 'n Rapporteerbare Rekening behandel word, tensy die Rekeninghouer ophou om 'n Rapporteerbare Persoon te wees.

Artikel IV

Omsigtigheid vir Nuwe Individuele Rekenings

Die volgende prosedures is van toepassing met die doel om Rapporteerbare Rekenings tussen Nuwe Individuele Rekenings te identifiseer.

- A. Met betrekking tot Nuwe Individuele Rekenings moet die Rapporterende Finansiële Instelling, by die opening van die rekening, 'n self-sertifisering verkry, wat deel kan uitmaak van die rekening-openingsdokumentasie, wat die Rapporterende Finansiële Instelling in staat stel om die Rekeninghouer se inwoning(s) vir belastingdoeleindes vas te stel en die redelikheid van sodanige self-sertifisering te bevestig, gebaseer op die inligting deur die Rapporterende Finansiële Instelling in verband met die opening van die rekening verkry, insluitend enige dokumentasie volgens TGW/KJK-prosedures versamel.
- B. Indien die self-sertifisering vasstel dat die Rekeninghouer vir belastingdoeleindes in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie inwonend is, moet die Rapporterende Finansiële Instelling die rekening as 'n Rapporteerbare Rekening behandel en die self-sertifisering moet ook die Rekeninghouer se BIN met betrekking tot sodanige Rapporteerbare Jurisdiksie (behoudens paragraaf D van Artikel I) en geboortedatum insluit.
- C. Indien daar 'n verandering van omstandighede met betrekking tot 'n Nuwe Individuele Rekening is wat die Rapporterende Finansiële Instelling laat weet,

of rede gee om te weet, dat die oorspronklike self-sertifisering onjuis of onbetroubaar is, kan die Rapporterende Finansiële Instelling nie op die oorspronklike self-sertifisering steun nie en moet dit 'n geldige self-sertifisering verkry wat die Rekeninghouer se inwoning(s) vir belastingdoeleindes vasstel.

Artikel V

Omsigtigheid vir Voorafbestaande Entiteitsrekenings

Die volgende prosedures is van toepassing met die doel om Rapporteerbare Rekenings tussen Voorafbestaande Entiteitsrekenings te identifiseer.

- A. Entiteitsrekenings nie verplig om hersien, geïdentifiseer of gerapporteer te word nie.** Tensy die Rapporterende Finansiële Instelling andersins kies, ofwel met betrekking tot alle Voorafbestaande Entiteitsrekenings of, afsonderlik, met betrekking tot enige duidelik geïdentifiseerde groep van sodanige rekenings, word nie vereis dat 'n Voorafbestaande Entiteitsrekening met 'n totale rekeningsaldo of -waarde wat soos op 29 Februarie 2016 nie \$250,000 oorskry nie, hersien, geïdentifiseer, of as 'n Rapporteerbare Rekening gerapporteer word nie totdat die totale rekeningsaldo of -waarde soos op die laaste dag van enige daaropvolgende Rapporteringstydperk \$250,000 oorskry.
- B. Entiteitsrekenings aan hersiening onderhewig.** 'n Voorafbestaande Entiteitsrekening wat 'n rekeningsaldo of -waarde het wat soos op 29 Februarie 2016, \$250,000 oorskry, en 'n Voorafbestaande Entiteitsrekening wat soos op 29 Februarie 2016, nie \$250,000 oorskry nie maar waarvan die rekeningsaldo of -waarde op die laaste dag van enige daaropvolgende Rapporteringstydperk \$250,000 oorskry, moet ooreenkomstig die prosedures in paragraaf D uiteengesit, hersien word.
- C. Entiteitsrekenings met betrekking waartoe rapportering vereis word.** Met betrekking tot Voorafbestaande Entiteitsrekenings beskryf in paragraaf B, word slegs rekenings wat gehou word deur een of meer entiteite wat Rapporteerbare Persone is, of deur Passiewe NFEs met een of meer Beherende Persone wat Rapporteerbare Persone is, as Rapporteerbare Rekenings behandel.
- D. Hersieningsprosedures vir identifisering van Entiteitsrekenings met betrekking waartoe rapportering vereis word.** Vir Voorafbestaande Entiteitsrekenings beskryf in paragraaf B moet 'n Rapporterende Finansiële Instelling die volgende hersieningsprosedures toepas om te bepaal of die rekening deur een of meer Rapporteerbare Persone, of deur Passiewe NFEs met een of meer Beherende Persone wat Rapporteerbare Persone is, gehou word:
- (1) **Bepaal of die Entiteit 'n Rapporteerbare Persoon is.**
- (a) Hersien inligting vir regulatoriese of kliëntverhoudingdoeleindes bygehou (insluitend inligting volgens TGW/KJK-prosedures

versamel) om te bepaal of die inligting aandui dat die Rekeninghouer in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie inwonend is. Vir hierdie doeleindes sluit inligting wat aandui dat die Rekeninghouer in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie inwonend is 'n plek van inlywing of organisasie, of 'n adres in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie in.

- (b) Indien die inligting aandui dat die Rekeninghouer in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie inwonend is, moet die Rapporterende Finansiële Instelling die rekening as 'n Rapporteerbare Rekening behandel tensy dit 'n self-sertifisering van die Rekeninghouer verkry, of redelikerwys bepaal, gebaseer op inligting in sy besit of wat in die openbaar beskikbaar is, dat die Rekeninghouer nie 'n Rapporteerbare Persoon is nie.

- (2) **Bepaal of die Entiteit 'n Passiewe NFE is met een of meer Beherende Persone wat Rapporteerbare Persone is.** Met betrekking tot 'n Rekeninghouer van 'n Voorafbestaande Entiteitsrekening (insluitend 'n Entiteit wat 'n Rapporteerbare Persoon is), moet die Rapporterende Finansiële Instelling bepaal of die Rekeninghouer 'n Passiewe NFE is met een of meer Beherende Persone wat Rapporteerbare Persone is. Indien enige van die Beherende Persone van 'n Passiewe NFE 'n Rapporteerbare Persoon is, dan moet die rekening as 'n Rapporteerbare Rekening behandel word. By die maak van hierdie bepalings moet die Rapporterende Finansiële Instelling die leiding in subparagrafe D(2)(a) tot en met (c) in die geskikste orde onder die omstandighede volg.

- (a) **Bepaling of die Rekeninghouer 'n Passiewe NFE is.** Vir doeleindes van die bepaling of die Rekeninghouer 'n Passiewe NFE is, moet die Rapporterende Finansiële Instelling 'n self-sertifisering van die Rekeninghouer verkry om sy status vas te stel, tensy dit inligting in sy besit het of wat in die openbaar verkrygbaar is, gebaseer waarop dit redelikerwys kan bepaal dat die Rekeninghouer 'n Aktiewe NFE is of 'n Finansiële Instelling anders as 'n Investeringsentiteit beskryf in subparagraaf A(6)(b) van Artikel VIII wat nie 'n Deelnemende Jurisdiksie Finansiële Instelling is nie, is.
- (b) **Bepaling van die Beherende Persone van 'n Rekeninghouer.** Vir doeleindes van die vasstel van die Beherende Persone van 'n Rekeninghouer kan 'n Rapporterende Finansiële Instelling staatmaak op inligting volgens TGW/KJK-prosedures versamel en bygehou.
- (c) **Bepaling of 'n Beherende Persoon van 'n Passiewe NFE 'n Rapporteerbare Persoon is.** Vir doeleindes van die bepaling of 'n Beherende Persoon van 'n Passiewe NFE 'n Rapporteerbare Persoon is, kan 'n Rapporterende Finansiële Instelling staatmaak op:

- (i) Inligting versamel en bygehou volgens TGW/KJK-prosedures in die geval van 'n Voorafbestaande Entiteitsrekening gehou deur een of meer NFEs met 'n rekeningsaldo wat nie \$1,000,000 oorskry nie; of
- (ii) 'n self-sertifisering van die Rekeninghouer of sodanige Beherende Persoon van die jurisdiksie(s) waarin die Beherende Persoon vir belastingdoeleindes inwonend is.

E. Tydsberekening van hersienings- en bykomende prosedures toepaslik op Voorafbestaande Entiteitsrekenings.

- (1) Hersiening van Voorafbestaande Entiteitsrekenings met 'n totale rekeningsaldo of -waarde wat soos op 29 Februarie 2016, \$250,000 oorskry, moet teen die laaste dag van Februarie 2017 voltooi word.
- (2) Hersiening van Voorafbestaande Entiteitsrekenings met 'n totale rekeningsaldo of -waarde wat soos op 29 Februarie 2016 nie \$250,000 oorskry nie, maar soos op die laaste dag van Februarie van 'n opeenvolgende Rapporteringstydperk \$250,000 oorskry, moet voltooi word binne die Rapporteringstydperk wat volg op die Rapporteringstydperk waarin die totale rekeningsaldo of -waarde \$250,000 oorskry.
- (3) Indien daar 'n verandering van omstandighede met betrekking tot 'n Voorafbestaande Entiteitsrekening is wat veroorsaak dat die Rapporterende Finansiële Instelling weet, of rede het om te weet, dat die self-sertifisering of ander dokumentasie verbonde met 'n rekening onjuis of onbetroubaar is, moet die Rapporterende Finansiële Instelling die status van die rekening ooreenkomstig die prosedures uiteengesit in paragraaf D herbepaal.

Artikel VI

Omsigtigheid vir Nuwe Entiteitsrekenings

Die volgende prosedures is van toepassing met die doel om Rapporteerbare Rekenings tussen Nuwe Entiteitsrekenings te bepaal.

A. Hersieningsprosedures om Entiteitsrekenings met betrekking waartoe rapportering vereis word, te identifiseer. Vir Nuwe Entiteitsrekenings moet 'n Rapporterende Finansiële Instelling die volgende hersieningsprosedures toepas om te bepaal of die rekening deur een of meer Rapporteerbare Persone, of deur Passiewe NFEs met een of meer Beherende Persone wat Rapporteerbare Persone is, gehou word:

- (1) **Bepaal of die entiteit 'n Rapporteerbare Persoon is.**

- (a) Verkry 'n self-sertifisering, wat deel kan wees van die rekeningopeningsdokumentasie, wat die Rapporterende Finansiële Instelling toelaat om die Rekeninghouer se inwoning(s) vir belastingdoeleindes te bepaal en die redelikheid van sodanige self-sertifisering te bevestig, gebaseer op die inligting deur die Rapporterende Finansiële Instelling verkry in verband met die opening van die rekening, insluitend enige dokumentasie volgens TGW/KJK-prosedures versamel. Indien die Entiteit sertifiseer dat dit geen inwoning vir belastingdoeleindes het nie, kan die Rapporterende Finansiële Instelling staatmaak op die adres van die hoofbeampte van die Entiteit om die inwoning van die Rekeninghouer te bepaal.
- (b) Indien die self-sertifisering aandui dat die Rekeninghouer in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie inwonend is, moet die Rapporterende Finansiële Instelling die rekening as 'n Rapporteerbare Rekening behandel tensy dit redelikerwys bepaal, gebaseer op inligting in sy besit of wat in die openbaar beskikbaar is, dat die Rekeninghouer nie 'n Rapporteerbare Persoon met betrekking tot sodanige Rapporteerbare Jurisdiksie is nie.
- (2) **Bepaal of die entiteit 'n Passiewe NFE is met een of meer Beherende Persone wat Rapporteerbare Persone is.** Met betrekking tot 'n Rekeninghouer van 'n Nuwe Entiteitsrekening (insluitend 'n Entiteit wat 'n Rapporteerbare Persoon is), moet die Rapporterende Finansiële Instelling bepaal of die Rekeninghouer 'n Passiewe NFE is met een of meer Beherende Persone wat Rapporteerbare Persone is. Indien enige van die Beherende Persone van 'n Passiewe NFE 'n Rapporteerbare Persoon is, dan moet die rekening as 'n Rapporteerbare Rekening behandel word. By die maak van hierdie bepalings moet die Rapporterende Finansiële Instelling die leiding in subparagrafe A(2)(a) tot en met (c) volg in die geskikste orde onder die omstandighede.
- (a) **Bepaling of die Rekeninghouer 'n Passiewe NFE is.** Vir doeleindes van die bepaling of die Rekeninghouer 'n Passiewe NFE is, moet die Rapporterende Finansiële Instelling staatmaak op 'n self-sertifisering van die Rekeninghouer om sy status vas te stel, tensy dit inligting in sy besit het of wat in die openbaar beskikbaar is, gebaseer waarop dit redelikerwys kan bepaal dat die Rekeninghouer 'n Aktiewe NFE is of 'n Finansiële Instelling is anders as 'n Investeringsentiteit beskryf in subparagraaf A(6)(b) van Artikel VIII wat nie 'n Deelnemende Jurisdiksie Finansiële Instelling is nie.
- (b) **Bepaling van die Beherende Persone van 'n Rekeninghouer.** Vir doeleindes van die bepaling van die Beherende Persone van 'n Rekeninghouer kan 'n Rapporterende Finansiële Instelling

staatmaak op inligting volgens TGW/KJK-prosedures versamel en bygehou kragtens die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001, na sy wysiging deur die Wysigingswetsontwerp op die Finansiële Intelligensiesentrum, Wo33 van 2015.

- (c) **Bepaling of 'n Beherende Persoon van 'n Passiewe NFE 'n Rapporteerbare Persoon is.** Vir doeleindes van bepaling of 'n Beherende Persoon van 'n Passiewe NFE 'n Rapporteerbare Persoon is, kan 'n Rapporterende Finansiële Instelling staatmaak op 'n self-sertifisering van die Rekeninghouer of sodanige Beherende Persoon.

Artikel VII

Spesiale Omsigtigheidsreëls

Die volgende bykomende reëls is van toepassing by die implementering van die omsigtigheidsprosedures hierbo beskryf:

- A. Staatmaak op self-sertifiserings en Dokumentêre Bewys.** 'n Rapporterende Finansiële Instelling mag nie op 'n self-sertifisering of Dokumentêre Bewys staatmaak nie indien die Rapporterende Finansiële Instelling weet of rede het om te weet dat die self-sertifisering of Dokumentêre Bewys onjuis of onbetroubaar is.
- B. Alternatiewe Prosedures vir Finansiële Rekenings gehou deur individuele begunstigdes van 'n Kontantwaarde Versekeringskontrak of 'n Annuïteitskontrak en vir 'n Groepskontantwaarde-Versekeringskontrak of Groepsannuïteitskontrak**
- (1) 'n Rapporterende Finansiële Instelling kan aanvaar dat 'n individuele begunstigde (anders as die eenaar) van 'n Kontantwaarde-versekeringskontrak of 'n Annuïteitskontrak wat 'n sterftevoordeel ontvang nie 'n Rapporteerbare Persoon is nie en mag sodanige Finansiële Rekening as anders as 'n Rapporteerbare Rekening behandel tensy die Rapporterende Finansiële Instelling werklike kennis het, of rede het om te weet, dat die begunstigde 'n Rapporteerbare Persoon is. 'n Rapporterende Finansiële Instelling het rede om te weet dat 'n begunstigde van 'n Kontantwaarde-versekeringskontrak of 'n Annuïteitskontrak 'n Rapporteerbare Persoon is indien die inligting deur die Rapporterende Finansiële Instelling versamel en in verband met die begunstigde, aanduiders beskryf in paragraaf B van Artikel III bevat. Indien 'n Rapporterende Finansiële Instelling werklike kennis het, of rede het om te weet, dat die begunstigde 'n Rapporteerbare Persoon is, moet die Rapporterende Finansiële Instelling die prosedures in paragraaf B van Artikel III volg.

- (2) Met betrekking tot 'n Groepskontantwaarde-versekeringskontrak of Groepsannuïteitskontrak wat aan 'n werkgewer en individuele werknemers uitgereik word, mag 'n Rapporterende Finansiële Instelling sodanige kontrak as 'n Finansiële Rekening wat nie 'n Rapporteerbare Rekening is nie behandel tot die datum waarop 'n bedrag aan 'n werknemer, sertifikaathouer of begunstigde betaalbaar word, indien die Finansiële Rekening wat 'n ledebelang in 'n Groepskontantwaarde-versekeringskontrak of Groepsannuïteitskontrak is aan die volgende voorwaardes voldoen:
- (a) die Groepskontantwaarde-versekeringskontrak of Groepsannuïteitskontrak word aan 'n werkgewer uitgereik en dek vyf-en-twintig of meer werknemers of sertifikaathouers;
 - (b) die werknemers of sertifikaathouers is geregtig om enige kontrakwaarde in verband met hul belang te ontvang en om begunstigdes te benoem vir die voordeel by die werknemer of sertifikaathouer se afsterwe betaalbaar; en
 - (c) die totale bedrag betaalbaar aan enige werknemer of sertifikaathouer of begunstigde oorskry nie 'n bedrag gedenomineer in Suid-Afrikaanse Rand wat met \$1,000,000 ooreenstem nie.

C. Rekeningsaldo-aggregasie- en geldeenheidreëls.

- (1) **Aggregasie van Individuele Rekenings.** Vir doeleindes van die bepaling van die saamgestelde saldo of waarde van Finansiële Rekenings deur 'n individu gehou, word van 'n Rapporterende Finansiële Instelling vereis om alle Finansiële Rekenings deur die Rapporterende Finansiële Instelling, of deur 'n Verwante Entiteit, in stand gehou, saam te voeg, maar slegs namate die Rapporterende Finansiële Instelling se gerekenariseerde stelsels die Finansiële Rekenings verbind met verwysing na 'n data-element soos kliëntnommer of BIN, en toelaat dat rekeningsaldo's of waardes saamgevoeg word. Vir doeleindes van die toepassing van die aggregasievereistes beskryf in hierdie subparagraaf sal die gehele saldo of waarde van 'n Finansiële Rekening wat gesamentlik gehou word aan elke houer van die Finansiële Rekening toegeken word.
- (2) **Aggregasie van Entiteitsrekenings.** Vir doeleindes van die bepaling van die saamgestelde saldo of waarde van Finansiële Rekenings deur 'n Entiteit gehou, word van 'n Rapporterende Finansiële Instelling vereis om alle Finansiële Rekenings wat deur die Rapporterende Finansiële Instelling, of deur 'n Verwante Entiteit in stand gehou word, in rekening te bring, maar slegs namate die Rapporterende Finansiële Instelling se gerekenariseerde stelsels die Finansiële Rekenings verbind met verwysing na 'n data-element soos kliëntnommer of BIN, en toelaat dat rekeningsaldos of waardes saamgestel word. Vir doeleindes van die

toepassing van die aggregasievereistes beskryf in hierdie subparagraaf sal die gehele saldo of waarde van 'n Finansiële Rekening wat gesamentlik gehou word aan elke houer van die Finansiële Rekening toegeken word.

- (3) **Spesiale Aggregasiereël op verhoudingbestuurders van toepassing.** Vir doeleindes van die bepaling van die saamgestelde saldo of waarde van Finansiële Rekenings deur 'n persoon gehou ten einde te bepaal of 'n Finansiële Rekening 'n Hoë-waarde Rekening is, word ook van 'n Rapporterende Finansiële Instelling vereis, in die geval van enige Finansiële Rekenings waarvan 'n verhoudingbestuurder weet, of rede het om te weet, dat hulle regstreeks of onregstreeks deur dieselfde persoon besit of beheer word of opgerig is (anders as in 'n fidusiële hoedanigheid) om alle sodanige rekenings saam te voeg.
- (4) **Bedrae gelees om ekwivalent in ander geldeenhede in te sluit.**
- (a) All dollar-bedrae is in V.S.-dollars en, by die bepaling van 'n bedrag, rekeningsaldo of waarde van 'n rekening gedenomineer in 'n ander geldeenheid as V.S.-dollars vir die doeleindes van hierdie Regulasies, moet die Finansiële Instelling die toepaslike V.S.-dollarbedrag na die ander geldeenheid omsit met verwysing na die kontantwisselkoers op die datum waarvoor die Rapporterende Finansiële Instelling die bedrag in die ander geldeenheid bepaal.
- (b) Vir doeleindes van die bepaling of 'n rekening 'n Hoë-waarde Rekening of 'n Laer-waarde Rekening is, kan 'n Rapporterende Finansiële Instelling die V.S.-dollar bedrag toepas of, indien die rekening in Suid-Afrikaanse rand gedenomineer is, die ekwivalente bedrag in Rand omgesit teen 'n wisselkoers van 15 Rand tot een V.S.-dollar.
- (c) Vir ander doeleindes in hierdie regulasies, kan 'n Rapporterende Finansiële Instelling die V.S.-dollarbedrag of, indien die rekening in Suid-Afrikaanse Rand gedenomineer is, die ekwivalente bedrag in Rand omgesit teen 'n wisselkoers van 15 Rand tot een V.S.-dollar, of teen die ander koers wat die Minister van Finansies by kennisgewing in die *Staatskoerant* mag voorskryf, toepas.

Artikel VIII

Omskrewe terme

Enige term of uitdrukking vervat in hierdie Regulasies waaraan 'n betekenis ingevolge die Wet op Belastingadministrasie, 2011, die MCAA of enige ander toepaslike multilaterale of bilaterale ooreenkoms of reëling geheg is, het die betekenis aldus daaraan geheg, tensy die term of uitdrukking in hierdie Regulasies

omskryf word of die samehang andersins aandui, en die volgende terme het die betekenis hieronder uiteengesit.

A. Rapporterende Finansiële Instelling

- (1) Die term “**Rapporterende Finansiële Instelling**” beteken enige Suid-Afrikaanse Finansiële Instelling wat nie ’n Nie-rapporterende Finansiële Instelling is nie. Die term “Suid-Afrikaanse Finansiële Instelling” beteken:
 - (i) enige Finansiële Instelling wat in Suid-Afrika inwonend is, maar sluit nie in nie enige tak van daardie Finansiële Instelling wat buite Suid-Afrika geleë is; en
 - (ii) enige tak van ’n Finansiële Instelling wat nie in Suid-Afrika inwonend is nie, indien daardie tak in Suid-Afrika geleë is.
- (2) Die term “**Deelnemende Jurisdiksie Finansiële Instelling**” beteken (i) enige Finansiële Instelling wat in ’n Deelnemende Jurisdiksie inwonend is, maar met uitsluiting van enige tak van daardie Finansiële Instelling wat buite sodanige Deelnemende Jurisdiksie geleë is, en (ii) enige tak van ’n Finansiële Instelling wat nie in ’n Deelnemende Jurisdiksie inwonend is nie, indien daardie tak in sodanige Deelnemende Jurisdiksie geleë is.
- (3) Die term “**Finansiële Instelling**” beteken ’n Bewaringsinstelling, ’n Deposito-instelling, ’n Investeringsentiteit, of ’n Aangeduide Versekeringsmaatskappy.
- (4) Die term “**Bewaringsinstelling**” beteken enige Entiteit wat, as ’n beduidende gedeelte van sy besigheid, Finansiële Bates vir die rekening van andere hou. ’n Entiteit hou Finansiële Bates vir die rekening van andere as ’n beduidende gedeelte van sy besigheid indien die Entiteit se bruto inkomste toeskryfbaar aan die hou van Finansiële Bates en verwante finansiële dienste gelykstaan aan of meer is as 20 persent van die Entiteit se bruto inkomste gedurende die korter van:
 - (i) die drie-jaar tydperk wat eindig op die laaste dag van Februarie voor die Rapporteringstydperk waarin die bepaling gemaak word; of
 - (ii) die tydperk waartydens die Entiteit sy bestaan gehad het.
- (5) Die term “**Deposito-instelling**” beteken enige Entiteit wat deposito’s in die gewone loop van ’n bank- of soortgelyke besigheid aanvaar.
- (6) Die term “**Investeringsentiteit**” beteken enige Entiteit:
 - (a) wat primêr een of meer van die volgende bedrywighede of operasies as ’n besigheid vir of ten behoeve van ’n kliënt bedryf:
 - (i) handel in geldmarkinstrumente (tjeks, note, depositosertifikate, afgeleide instrumente); buitelandse valuta; valuta-, rentekoers- en indeksinstrumente; oordraagbare sekuriteite; of handel in kommoditeitstermykontrakte;
 - (ii) individuele- en kollektiewe-portefeuljebestuur; of

(iii) ander investering, administrasie, of bestuur van Finansiële Bates of geld ten behoeve ander persone; of

(b) die bruto inkomste waarvan primêr toeskryfbaar is aan investering, herinvestering, of handel in Finansiële Bates, indien die Entiteit bestuur word deur 'n ander Entiteit wat 'n Deposito-instelling, 'n Bewaringsinstelling, 'n Aangeduide Versekeringsmaatskappy, of 'n Investeringsentiteit beskryf in subparagraaf A(6)(a) is.

'n Entiteit word behandel as primêr een of meer van die bedrywighede beskryf in subparagraaf A(6)(a) as 'n besigheid te bedryf, of 'n Entiteit se bruto inkomste is vir doeleindes van subparagraaf A(6)(b) primêr aan investering, herinvestering, of handel in Finansiële Bates toeskryfbaar, indien die Entiteit se bruto inkomste toeskryfbaar aan die toepaslike bedrywighede gelyk aan of meer is as 50 persent van die Entiteit se bruto inkomste gedurende die kortste van: (i) die drie-jaar tydperk wat eindig op die laaste dag van Februarie van die Rapporteringstydperk wat die tydperk waarin die bepaling gemaak word, voorafgaan; of (ii) die Rapporteringstydperk waartydens die Entiteit sy bestaan gehad het. Die term "Investeringsentiteit" sluit nie ook 'n Entiteit in wat 'n Aktiewe NFE is omdat daardie Entiteit aan enige van die kriteria in subparagraawe D(9)(d) tot (g) voldoen nie.

Hierdie paragraaf word uitgelê op 'n wyse wat bestaanbaar is met soortgelyke taal uiteengesit in die omskrywing van "financial institution" in die "Financial Action Task Force Recommendations".

- (7) Die term "**Finansiële Bate**" sluit in 'n sekuriteit (byvoorbeeld, 'n deel van die aandele in 'n korporasie; vennootskap of uiteindelik-geregtigde-belang in 'n vennootskap wat deur baie persone gehou word of in die openbaar verhandel word, of trust; nota, verband, obligasie, of ander bewys van skuld), vennootskapbelang, kommoditeit, ruiloooreenkoms (byvoorbeeld, rentekoers-ruiloooreenkoms, valuta-ruiloooreenkoms, basis-ruiloooreenkoms, rentekoersperke, rentekoerslaagteperke, kommoditeit-ruiloooreenkoms, ekwiteit-ruiloooreenkoms, ekwiteitindeks-ruiloooreenkoms, en soortgelyke ooreenkoms), Versekeringskontrak of Annuïteitskontrak, of enige belang (insluitend 'n termyn- of vooruitkontrak of -opsie) in 'n sekuriteit, vennootskapbelang, kommoditeit, ruiloooreenkoms, Versekeringskontrak, of Annuïteitskontrak. Die term "Finansiële Bate" sluit nie 'n nie-skuld, regstreekse belang in vaste eiendom in nie.
- (8) Die term "**Aangeduide Versekeringsmaatskappy**" beteken enige Entiteit wat 'n versekeringsmaatskappy is (of die houermaatskappy van 'n versekeringsmaatskappy) wat 'n Kontantwaarde Versekeringskontrak of 'n Annuïteitskontrak uitreik, of verplig is om betalings met betrekking tot 'n Kontantwaarde Versekeringskontrak of 'n Annuïteitskontrak te maak.

B. Nie-Rapporterende Finansiële Instelling

- (1) Die term “**Nie-Rapporterende Finansiële Instelling**” beteken enige Finansiële Instelling wat:
- (a) 'n Regeringsentiteit, Internasionale Organisasie of Sentrale Bank is, anders as met betrekking tot 'n betaling wat voortspruit uit 'n verpligting gehou in verband met 'n kommersiële finansiële bedrywigheid van 'n soort waarby 'n Aangeduide Versekeringsmaatskappy, Bewaringsinstelling, of Deposito-instelling betrokke is;
 - (b) 'n Breë-deelnemingsaftreefonds; 'n Nou-deelnemingsaftreefonds; 'n Pensioenfonds van 'n Regeringsentiteit, Internasionale Organisasie of Sentrale Bank; of 'n Gekwalifiseerde Kredietkaartuitreiker is;
 - (c) enige ander Entiteit is wat 'n lae risiko toon om gebruik te word om belasting te ontwyk, wesenlik soortgelyke karaktertrekke het as enige van die Entiteite beskryf in subparagrafe B(1)(a) en (b), en ingesluit is in die lys van Nie-rapporterende Finansiële Instellings waarna in Aanhangsel I tot hierdie Regulasies as 'n Nie-rapporterende Finansiële Instelling verwys word, op voorwaarde dat die status van sodanige Entiteit as 'n Nie-rapporterende Finansiële Instelling nie die doelstellings van die “Common Reporting Standard” kortwiek nie;
 - (d) 'n Vrygestelde Kollektiewe Beleggingsmiddel is; of
 - (e) 'n trust is wat kragtens die wette van 'n Rapporteerbare Jurisdiksie opgerig is namate die trustee van die trust 'n Rapporteerende Finansiële Instelling is en alle inligting wat volgens Artikel I gerapporteer moet word met betrekking tot alle Rapporteerbare Rekenings van die trust rapporteer.
- (2) Die term “**Regeringsentiteit**” beteken die regering van 'n jurisdiksie, enige politieke onderafdeling van 'n jurisdiksie (wat, om enige twyfel te vermy, 'n staat, provinsie, graafskap, of munisipaliteit insluit), of enige agentskap of instrumentaliteit in geheelbesit van 'n jurisdiksie of van enige een of meer van die voorgemelde (elk, 'n “Regeringsentiteit”). Hierdie kategorie bestaan uit die integrale dele, beheerde entiteite, en politieke onderafdelings van 'n jurisdiksie.
- (a) 'n “Integrale deel” van 'n jurisdiksie beteken enige persoon, organisasie, agentskap, buro, fonds, instrumentaliteit, of ander liggaam, hoe ook al aangedui, wat 'n regerende owerheid van 'n jurisdiksie uitmaak. Die netto verdienste van die regerende owerheid moet aan sy eie rekening of aan ander rekenings van die jurisdiksie gekrediteer word, met geen gedeelte wat tot die voordeel van enige private persoon tot stand kom nie. 'n Integrale deel sluit nie in enige

individu wat 'n heerser, beampte, of administrateur is wat in 'n private of persoonlike hoedanigheid optree nie.

- (b) 'n "Beheerde entiteit" beteken 'n Entiteit wat in vorm afsonderlik van die jurisdiksie is of wat andersins 'n afsonderlike regsentiteit uitmaak, op voorwaarde dat:
- (i) Die Entiteit algeheel deur een of meer Regeringsentiteite besit en beheer word, regstreeks of deur een of meer beheerde entiteite;
 - (ii) Die Entiteit se netto verdienste aan sy eie rekening of aan die rekenings van een of meer Regeringsentiteite gekrediteer word, met geen gedeelte van sy inkomste wat tot die voordeel van enige private persoon tot stand kom nie; en
 - (iii) Die Entiteit se bates by ontbinding in een of meer Regeringsentiteite vestig.
- (c) Inkomste kom nie tot die voordeel van private persone tot stand nie indien sodanige persone die geteikende begunstigdes is van 'n regeringsprogram, en die programbedrywighede word vir die algemene publiek met betrekking tot die gemeenskaplike welsyn uitgevoer of is aan die administrasie van een of ander regeringsfase verwant. Ondanks die voorgaande word inkomste egter beskou tot die voordeel van private persone tot stand te kom indien die inkomste verkry word uit die gebruik van 'n regeringsentiteit om 'n handelsaak, soos 'n handelsbankbesigheid, wat finansiële dienste aan private persone lewer, te dryf.
- (3) Die term "**Internasionale Organisasie**" beteken enige internasionale organisasie of enige agentskap of instrumentaliteit in geheelbesit daarvan. Hierdie kategorie sluit in enige interregeringsorganisasie (insluitend 'n supranasionale organisasie) (i) wat primêr uit regerings bestaan; (ii) wat 'n hoofkwartier- of wesenlik soortgelyke ooreenkoms met die jurisdiksie in plek het; en (iii) waarvan die inkomste nie tot die voordeel van private persone tot stand kom nie.
- (4) Die term "**Sentrale Bank**" beteken 'n bank wat by wet of regeringsanksie die hoofgesag is, anders as die regering van die jurisdiksie self, vir die uitreik van instrumente wat bedoel is om as geldeenheid te sirkuleer. So 'n bank kan 'n instrumentaliteit insluit wat afsonderlik van die regering van die jurisdiksie is, hetsy dit in die geheel of gedeeltelik deur die jurisdiksie besit word al dan nie.
- (5) Die term "**Breë-deelnemingsaftreefonds**" beteken 'n fonds opgerig om aftree-, ongeskiktheid-, of sterftevoordele, of enige kombinasie daarvan, te verskaf aan begunstigdes wat huidige of voormalige werknemers (of persone deur sodanige werknemers benoem) van een of meer

werkgewers is as vergoeding vir dienste gelewer, op voorwaarde dat die fonds:

- (a) Nie 'n enkele begunstigde met 'n reg tot meer as vyf persent van die fonds se bates het nie;
 - (b) Aan regeringsregulering onderhewig is en inligtingrapportering aan die belastingowerhede verskaf; en
 - (c) Aan minstens een van die volgende vereistes voldoen:
 - (i) Die fonds is in die algemeen van belasting op investeringsinkomste vrygestel, of belasting van sodanige inkomste word uitgestel of word teen 'n verminderde koers belas, as gevolg van sy status as 'n aftree- of pensioenplan;
 - (ii) Die fonds ontvang minstens 50 persent van sy totale bydraes (anders as oordragte van bates van ander planne beskryf in subparagrafe B(5) tot en met (7) of van aftree- en pensioenrekenings beskryf in subparagraaf C(17)(a)) vanaf die borgende werkgewers;
 - (iii) Uitkerings of onttrekkings uit die fonds word toegelaat slegs by die voorkoms van aangeduide voorvalle wat verband hou met aftrede, ongeskiktheid of sterfte (behalwe oorrol-uitkerings aan ander aftreefondse beskryf in subparagrafe B(5) tot en met (7) of aftree- en pensioenrekenings beskryf in subparagraaf C(17)(a)), of boetes is op onttrekkings wat voor sodanige aangeduide voorvalle gemaak word van toepassing; of
 - (iv) Bydraes (anders as sekere toegelate aansuiweringsbydraes) deur werknemers aan die fonds word beperk met verwysing na verdiende inkomste van die werknemer of mag nie jaarliks \$50,000 oorskry nie, by toepassing van die reëls in paragraaf C van Artikel VII vir rekeningaggregasie en valuta-omskakeling uiteengesit.
- (6) Die term “**Nou-deelnemingsaftreefonds**” beteken 'n fonds opgerig om aftree-, ongeskiktheid-, of sterftevoordele te verskaf aan begunstigdes wat huidige of voormalige werknemers is (of persone deur sodanige werknemers benoem) van een of meer werkgewers as vergoeding vir dienste gelewer, op voorwaarde dat:
- (a) Die fonds minder as 50 deelnemers het;
 - (b) Die fonds deur een of meer werkgewers wat nie Investeringsentiteite of Passiewe NFEs is nie, geborg word;
 - (c) Die werknemer- en werkgewerbydraes tot die fonds (anders as oordrag van bates van aftree- en pensioenrekenings beskryf in

- subparagraaf C(17)(a)) met verwysing na inkomste verdien en vergoeding van die werknemer, onderskeidelik, beperk word;
- (d) Deelnemers wat nie inwoners is van die jurisdiksie waarin die fonds opgerig is nie, is nie op meer as 20 persent van die fonds se bates geregtig nie; en
- (e) Die fonds aan regeringsregulering onderhewig is en inligtingrapportering aan die belastingowerhede verskaf.
- (7) Die term “**Pensioenfonds van ’n Regeringsentiteit, Internasionale Organisasie of Sentrale Bank**” beteken ’n fonds deur ’n Regeringsentiteit, Internasionale Organisasie of Sentrale Bank opgerig om aftree-, ongeskiktheid-, of sterftevoordele te verskaf aan begunstigdes of deelnemers wat huidige of voormalige werknemers is (of persone deur sodanige werknemers benoem), of wat nie huidige of voormalige werknemers is nie, indien die voordele aan sodanige begunstigdes of deelnemers verskaf, vergoeding is vir persoonlike dienste vir die Regeringsentiteit, Internasionale Organisasie of Sentrale Bank uitgevoer.
- (8) Die term “**Gekwalifiseerde Kredietkaartuitreiker**” beteken ’n Finansiële Instelling wat aan die volgende vereistes voldoen:
- (a) Die Finansiële Instelling is ’n Finansiële Instelling slegs omdat dit ’n uitreiker van kredietkaarte is wat slegs deposito’s aanvaar wanneer ’n klant ’n betaling maak wat die verskuldigde saldo met betrekking tot die kaart oorskry en die oorbetalings nie onmiddellik aan die klant terugbetaal word nie; en
- (b) Met ingang op of voor 1 Mei 2016, implementeer die Finansiële Instelling beleidsrigings en prosedures hetsy om te voorkom dat ’n klant ’n oorbetalings van meer as \$50,000 maak, hetsy om te verseker dat enige klantoorbetaling van meer as \$50,000 binne 60 dae aan die klant terugbetaal word, in elke geval by toepassing van die reëls vir rekeningaggregasie en valutaomskakeling in paragraaf C van Artikel VII uiteengesit. Vir hierdie doel verwys ’n klantoorbetaling nie na kredietsaldo’s insoverre foenie in geskil nie, maar sluit wel in kredietsaldo’s wat uit die teruggawes van handelsware voortspruit.
- (9) Die term “**Vrygestelde Kollektiewe Beleggingsmiddel**” beteken ’n Investeringsentiteit wat as ’n kollektiewe beleggingsmiddel gereguleer word, op voorwaarde dat al die belange in die kollektiewe beleggingsmiddel deur of deur middel van een of meer Entiteite beskryf in subparagraaf B(1), of individue of Entiteite wat nie Rapporteerbare Persone is nie, gehou word, behalwe ’n Passiewe NFE met Beherende Persone wat Rapporteerbare Persone is.

C. Finansiële Rekening

- (1) Die term “**Finansiële Rekening**” beteken ’n rekening in stand gehou deur ’n Finansiële Instelling, en sluit in ’n Depositorekening, ’n Bewaringsrekening en:
- (a) in die geval van ’n Investeringsentiteit, enige ekwiteit of skuldbelang in die Finansiële Instelling. Nieteenstaande die voorgaande sluit die term “Finansiële Rekening” nie in nie enige ekwiteit of skuldbelang in ’n Entiteit wat ’n Investeringsentiteit is bloot omdat dit: (i) investeringsadvies bied aan en optree ten behoeve van, of (ii) portefeuljes bestuur vir, en optree ten behoeve van, ’n kliënt met die doel om Finansiële Bates wat in die naam van die kliënt by ’n Finansiële Instelling anders as sodanige Entiteit gedeponeer is, te investeer, bestuur, of administreer;
 - (b) In die geval van ’n Finansiële Instelling wat nie in subparagraaf C(1)(a) beskryf word nie, enige ekwiteit of skuldbelang in die Finansiële Instelling, indien die klas van belange vasgestel is met die doel om rapportering ooreenkomstig Artikel I te ontduik; en
 - (c) Enige Kontantwaarde Versekeringskontrak en enige Annuïteitskontrak uitgereik of in stand gehou deur ’n Finansiële Instelling, anders as ’n nie-investeringsgekoppelde, nie-oordraagbare onmiddellike lewensannuïteit wat aan ’n individu uitgereik word en ’n pensioen- of ongeskiktheidsvoordeel tot geld stel wat kragtens ’n rekening wat ’n Uitgeslote Rekening is, voorsien word.

Die term “Finansiële Rekening” sluit nie in enige rekening wat ’n Uitgeslote Rekening is nie.

- (2) Die term “**Depositorekening**” sluit in enige handels-, tjek-, spaar-, tyd-, of voorspoedrekening, of ’n rekening wat bewys word deur ’n sertifikaat van deposito, voorspoedsertifikaat, investeringssertifikaat, sertifikaat van skuldlas, of ander soortgelyke instrument, wat deur ’n Finansiële Instelling in die gewone verloop van ’n bank- of soortgelyke besigheid in stand gehou word. ’n Depositorekening sluit ook in ’n bedrag deur ’n versekeringsmaatskappy gehou volgens ’n gewaarborgde beleggingskontrak of soortgelyke ooreenkoms om rente daarop te betaal of te krediteer.
- (3) Die term “**Bewaringsrekening**” beteken ’n rekening (anders as ’n Versekeringskontrak of Annuïteitskontrak) wat een of meer Finansiële Bates ten voordeel van ’n ander persoon hou.
- (4) Die term “**Ekwiteitsbelang**” beteken, in die geval van ’n vennootskap wat ’n Finansiële Instelling is, óf ’n kapitaal- óf ’n winsbelang in die vennootskap. In die geval van ’n trust wat ’n Finansiële Instelling is, word

'n Ekwiteitsbelang geag gehou te word deur enige persoon wat as 'n afrekenaar of begunstigde van die hele of 'n gedeelte van die trust behandel word, of enige ander natuurlike persoon wat uiteindelijke effektiewe beheer oor die trust uitoefen. 'n Rapporteerbare Persoon sal as 'n begunstigde van 'n trust behandel word indien sodanige Rapporteerbare Persoon die reg het om regstreeks of onregstreeks (byvoorbeeld, deur 'n benoemde) 'n verpligte uitkering te ontvang of, regstreeks of onregstreeks, 'n diskresionêre uitkering van die trust mag ontvang.

- (5) Die term **“Versekeringskontrak”** beteken 'n kontrak (anders as 'n Annuïteitskontrak) waarkragtens die uitreiker ooreenkom om 'n bedrag by voorkoms van 'n aangeduide gebeurlikheid wat sterfte-, sieklikheid-, ongeluk-, aanspreeklikheid-, of eiendomsrisiko behels, te betaal.
- (6) Die term **“Annuïteitskontrak”** beteken 'n kontrak waarkragtens die uitreiker ooreenkom om vir 'n tydperk betalings, in die geheel of gedeeltelik met verwysing na die lewensverwagting van een of meer individue bepaal, te maak. Die term sluit ook in 'n kontrak wat beskou word 'n Annuïteitskontrak ooreenkomstig die reg, regulering, of praktyk van die jurisdiksie waarin die kontrak uitgereik is, te wees en waarkragtens die uitreiker ooreenkom om betalings vir 'n tydperk van jare te maak. Die term **“Groepsannuïteitskontrak”** beteken 'n Annuïteitskontrak waarkragtens die verpligtes individue is wat deur 'n werkgewer, beroepsvereniging, vakbond, of ander vereniging of groep geaffilieer is.
- (7) Die term **“Kontantwaarde Versekeringskontrak”** beteken 'n Versekeringskontrak (anders as 'n vrywaringsherversekeringskontrak tussen twee versekeringsmaatskappye) wat 'n Kontantwaarde het. Die term **“Groepskontantwaarde-versekeringskontrak”** beteken 'n Kontantwaarde-versekeringskontrak wat (i) dekking voorsien aan individue wat geaffilieer is deur 'n werkgewer, beroepsvereniging, vakbond, of ander vereniging of groep; en (ii) 'n premie hef vir elke lid van die groep (of lid van 'n klas binne die groep) wat bepaal word sonder inagneming van die individu se gesondheidskaraktertrekke anders as ouderdom, geslag, en rookgewoontes van die lid (of klas lede) van die groep.
- (8) Die term **“Kontantwaarde”** beteken die grootste van (i) die bedrag wat die polishouer geregtig is om by afkoop of beëindiging van die kontrak (bepaal sonder vermindering vir enige aflossingsfooï of polislening) te ontvang; en (ii) die bedrag wat die polishouer kragtens of ten aansien van die kontrak kan leen. Ondanks die voorafgaande, sluit die term **“Kontantwaarde”** nie ook in nie 'n bedrag betaalbaar kragtens 'n Versekeringskontrak:

- (a) Bloot as gevolg van die sterfte van 'n individu wat kragtens 'n lewensversekeringskontrak verseker is;
 - (b) As 'n persoonlike besering- of siektevoordeel of ander voordeel wat vrywaring verskaf teen 'n ekonomiese verlies wat aangegaan word by die voorkoms van die gebeurlikheid waarteen verseker is;
 - (c) Behoudens die toepassing van subparagraaf C(8)(a), as 'n terugbetaling van 'n voorafbetaalde premie (minus koste van versekeringsfooie hetsy werklik opgelê al dan nie) kragtens 'n Versekeringskontrak (anders as 'n beleggingsgekoppelde-lewensversekeringskontrak of 'n Annuïteitskontrak) as gevolg van kansellering of beëndiging van die kontrak, afname in risikoblootstelling gedurende die werkingstydperk van die kontrak, of wat voortspruit uit die regstelling van 'n pos- of soortgelyke fout met betrekking tot die premie vir die kontrak;
 - (d) As 'n polishouerdividend (anders as 'n beëndigingsdividend) op voorwaarde dat die dividend verband hou met 'n Versekeringskontrak waarkragtens die enigste voordele betaalbaar in subparagraaf C(8)(b) beskryf word; of
 - (e) As 'n terugbetaling van 'n voorafpremie of premiedeposito vir 'n Versekeringskontrak waarvoor die premie minstens jaarliks betaalbaar is indien die bedrag van die voorafpremie of premiedeposito nie die volgende jaarlikse premie wat kragtens die kontrak betaalbaar sal wees, oorskry nie.
- (9) Die term **“Voorafbestaande Rekening”** beteken 'n Finansiële Rekening wat soos op 29 Februarie 2016 deur 'n Rapporterende Finansiële Instelling in stand gehou word.
- (10) Die term **“Nuwe Rekening”** beteken 'n Finansiële Rekening deur 'n Rapporterende Finansiële Instelling in stand gehou wat op of na 1 Maart 2016 geopen word.
- (11) Die term **“Voorafbestaande Individuele Rekening”** beteken 'n Voorafbestaande Rekening deur een of meer individue gehou.
- (12) Die term **“Nuwe Individuele Rekening”** beteken 'n Nuwe Rekening wat deur een of meer individue gehou word.
- (13) Die term **“Voorafbestaande Entiteitsrekening”** beteken 'n Voorafbestaande Rekening wat deur een of meer Entiteite gehou word.
- (14) Die term **“Laer-waarde Rekening”** beteken 'n Voorafbestaande Individuele Rekening met 'n totale saldo of waarde soos op 29 Februarie 2016 wat nie \$1,000,000 oorskry nie.

- (15) Die term **“Hoë-waarde Rekening”** beteken 'n Voorafbestaande Individuele Rekening met 'n totale saldo of waarde wat soos op 29 Februarie 2016 of die laaste dag van Februarie van enige daaropvolgende Rapporteringstydperk \$1,000,000 oorskry.
- (16) Die term **“Nuwe Entiteitsrekening”** beteken 'n Nuwe Rekening deur een of meer Entiteite gehou.
- (17) Die term **“Uitgeslote Rekening”** beteken enige van die volgende rekenings:
- (a) 'n Aftree- of pensioenrekening wat aan die volgende vereistes voldoen:
- (i) Die rekening is onderhewig aan regulering as 'n persoonlike aftreerekening of is deel van 'n geregistreerde of geregleerde aftree- of pensioenplan vir die voorsiening van aftree- of pensioenvoordele (insluitend ongeskiktheid- of sterftevoordele);
 - (ii) Die rekening is belastinggunstig (d.i. bydraes aan die rekening wat andersins aan belasting onderhewig sou wees, is aftrekbaar of uitgesluit van die bruto inkomste van die rekeninghouer of word teen 'n verlaagde koers belas, of belasting van die beleggingsinkomste van die rekening word uitgestel of teen 'n verlaagde koers belas);
 - (iii) Inligtingrapportering aan die belastingowerhede met betrekking tot die rekening word vereis;
 - (iv) Onttrekkings is onderhewig aan bereiking van 'n bepaalde aftree-ouderdom, ongeskiktheid, of dood, of boetes is van toepassing op onttrekkings wat voor sodanige bepaalde gebeurtenisse gemaak word; en
 - (v) Óf (i) jaarlikse bydraes word beperk tot \$50,000 of minder, óf (ii) daar is 'n maksimum leeftydsbydraeperk op die rekening van \$1,000,000 of minder, in elke geval met toepassing van die reëls in paragraaf C van Artikel VII vir rekeningaggregasie en valutaomskakeling uiteengesit.
- 'n Finansiële Rekening wat andersins aan die vereistes van subparagraaf C(17)(a)(v) voldoen, sal nie versuim om aan sodanige vereistes te voldoen nie bloot omdat sodanige Finansiële Rekening bates of fondse mag ontvang wat van een of meer Finansiële Rekenings wat aan die vereistes van subparagraaf C(17)(a) of (b) voldoen of van een of meer aftree- of pensioenfondse wat aan die vereistes van enige van subparagraawe B(5) tot en met (7) voldoen, oorgedra word.
- (b) 'n Rekening wat aan die volgende vereistes voldoen:

- (i) Die rekening is onderhewig aan regulering as 'n beleggingsmiddel vir ander doeleindes as vir aftrede en word gereeld op 'n gevestigde aandelemark verhandel, of die rekening is aan regulering as 'n spaarmiddel vir ander doeleindes as vir aftrede onderhewig;
- (ii) Die rekening is belastinggunstig (d.i. bydraes aan die rekening wat andersins aan belasting onderhewig sou wees, is aftrekbaar of uitgesluit van die bruto inkomste van die rekeninghouer of word teen 'n verlaagde koers belas, of belasting van die beleggingsinkomste van die rekening word uitgestel of teen 'n verlaagde koers belas);
- (iii) Onttrekkings is onderhewig aan voldoening aan bepaalde kriteria wat verband hou met die doel van die investerings- of spaarrekening (byvoorbeeld, die voorsiening van opvoedkundige of mediese voordele), of boetes is van toepassing op onttrekkings wat gemaak word voordat aan sodanige kriteria voldoen word; en
- (iv) Jaarlikse bydraes word beperk tot \$50,000 of minder, met toepassing van die reëls in paragraaf C van Artikel VII vir rekeningaggregasie en valuta-omrekening uiteengesit.

'n Finansiële Rekening wat andersins aan die vereistes van subparagraaf C(17)(b)(iv) voldoen, sal nie versuim om aan sodanige vereistes te voldoen nie bloot omdat sodanige Finansiële Rekening bates of fondse mag ontvang wat van een of meer Finansiële Rekenings wat aan die vereistes van subparagraaf C(17)(a) of (b) voldoen of van een of meer aftree- of pensioenfondse wat aan die vereistes van enige van subparagraawe B(5) tot en met (7) voldoen, oorgedra word.

- (c) 'n Lewensversekeringskontrak met 'n dekkingstydperk wat sal eindig voordat die versekerde individu die ouderdom van 90 behaal, op voorwaarde dat die kontrak aan die volgende vereistes voldoen:
 - (i) Periodieke premies, wat nie oor tyd afneem nie, is minstens jaarliks betaalbaar gedurende die tydperk wat die kontrak bestaan of totdat die versekerde die ouderdom van 90 bereik, watter een ook al die kortste is;
 - (ii) Die kontrak het geen kontrakwaarde waartoe enige persoon toegang het nie (deur onttrekking, lening, of andersins) sonder om die kontrak te beëindig nie;
 - (iii) Die bedrag (anders as 'n sterftevoordeel) betaalbaar by kansellasië of beëindiging van die kontrak kan nie die saamgestelde premies vir die kontrak betaal, minus die som

- van sterfte-, sieklikheid-, en kostefoioie (hetsy werklik opgelê al dan nie) vir die tydperk of tydperke van die kontrak se bestaan en enige bedrae betaal voor die kansellering of beëindiging van die kontrak oorskry nie; en
- (iv) Die kontrak word nie deur 'n oordragnemer vir waarde gehou nie.
- (d) 'n Rekening wat gehou word slegs deur 'n boedel indien die dokumentasie vir sodanige rekening 'n afskrif van die gestorwene se testament of doodsertifikaat insluit.
- (e) 'n Rekening, wat 'n trustrekening insluit, opgerig in verband met enige van die volgende:
- (i) 'n Hofbevel of -uitspraak.
- (ii) 'n Verkoop, ruil, of huur van vaste of persoonlike eiendom, op voorwaarde dat die rekening aan die volgende vereistes voldoen:
- (aa) Die rekening word befonds slegs met 'n kontantstorting, handgeld, deposito, in 'n bedrag geskik om 'n verpligting regstreeks verwant aan die transaksie te verseker, of 'n soortgelyke betaling, of word befonds met 'n Finansiële Bate wat in verband met die verkoop, ruil, of huur van die eiendom in die rekening gestort word;
- (bb) Die rekening word opgerig en gebruik slegs om die verpligting van die koper om die koopprys vir die eiendom te betaal, die verkoper om enige voorwaardelike aanspreeklikheid te betaal, of die verhuurder of huurder om vir enige skade in verband met die verhuurde eiendom te betaal soos kragtens die huurooreenkoms ooreengekom, te verseker;
- (cc) Die bates van die rekening, insluitend die inkomste daarop verdien, sal ten behoeve van die koper, verkoper, verhuurder, of huurder (insluitend om sodanige persoon se verpligting na te kom) betaal of andersins uitgekeer word wanneer die eiendom verkoop, geruil, of teruggestort word, of die huurooreenkoms eindig;
- (dd) Die rekening is nie 'n dekking- of soortgelyke rekening opgerig in verband met 'n verkoop of uitruiling van 'n Finansiële Bate nie; en
- (ee) Die rekening is nie verwant aan 'n rekening beskryf in subparagraaf C(17)(f) nie.

- (iii) 'n Verpligting van 'n Finansiële Instelling wat 'n lening diens wat deur vaste eiendom versekureer word, om 'n gedeelte van 'n betaling opsy te sit slegs om die betaling van belasting of versekering in verband met die vaste eiendom op 'n later tydstip te fasiliteer.
- (iv) 'n Verpligting van 'n Finansiële Instelling slegs om die betaling van belasting op 'n later tydstip te fasiliteer.
- (f) 'n **Depositorekening** wat aan die volgende vereistes voldoen:
 - (i) Die rekening bestaan slegs omdat 'n kliënt 'n betaling maak wat 'n saldo verskuldig met betrekking tot 'n kredietkaart of ander wentelkredietfasiliteit oorskry en die oorbetalings word nie onmiddellik aan die kliënt terugbetaal nie; en
 - (ii) Met ingang op of voor 1 Maart 2016, implementeer die Finansiële Instelling beleidsrigings en prosedures om óf te voorkom dat 'n kliënt 'n oorbetalings van meer as \$50,000 maak, óf om te verseker dat enige kliëntoorbetaling van meer as \$50,000 binne 60 dae aan die kliënt terugbetaal word, in elke geval by toepassing van die reëls in paragraaf C van Artikel VII vir valutaomskakeling uiteengesit. Vir hierdie doel verwys 'n kliëntoorbetaling nie na kredietsaldo's insoverre fooie in geskil nie, maar sluit wel in kredietsaldo's wat uit die teruggawes van handelsware voortspruit.
- (g) enige ander rekening wat 'n lae risiko toon dat dit gebruik gaan word om belasting te vermy, weselik soortgelyke karaktertrekke het aan enige van die rekenings in subparagraaf C(17)(a) tot en met (f) beskryf, en by die lys van Nie-rapporterende Finansiële Instellings bedoel in Aanhangsel II tot hierdie Regulasies as 'n Uitgeslote Rekening ingesluit is, op voorwaarde dat die status van sodanige rekening as 'n Uitgeslote Rekening nie die doelstellings van die "Common Reporting Standard" kortwiek nie.

D. Rapporteerbare Rekening

- (1) Die term "**Rapporteerbare Rekening**" beteken 'n Finansiële Rekening wat deur 'n Suid-Afrikaanse Rapporterende Finansiële Instelling in stand gehou word en deur een of meer Rapporteerbare Persone of deur 'n Passiewe NFE met een of meer Beherende Persone wat 'n Rapporteerbare Persoon is, gehou word op voorwaarde dat dit as sodanig geïdentifiseer is volgens die omsigtigheidsprosedures in Artikels II tot en met VII beskryf.
- (2) Die term "**Rapporteerbare Persoon**" beteken 'n Rapporteerbare-jurisdiksie Persoon anders as: (i) 'n korporasie waarvan die aandele gereeld op een of meer gevestigde aandelemarkte verhandel word;

- (ii) enige korporasie wat 'n Verwante Entiteit is van 'n korporasie in klousule (i) beskryf; (iii) 'n Regeringsentiteit; (iv) 'n Internasionale Organisasie; (v) 'n Sentrale Bank; of (vi) 'n Finansiële Instelling.
- (3) Die term **“Rapporteerbare-jurisdiksie Persoon”** beteken 'n individu of Entiteit wat in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie kragtens die belastingwetgewing van sodanige jurisdiksie inwonend is, of 'n boedel van 'n gestorwene wat 'n inwoner van 'n Rapporteerbare Jurisdiksie was. Vir hierdie doeleindes sal 'n Entiteit soos 'n vennootskap, beperkte-aanspreeklikheidsvennootskap of soortgelyke regsreëling wat geen inwoning vir belastingdoeleindes het nie as inwonend in die jurisdiksie waarin sy plek van effektiewe bestuur geleë is, behandel word.
- (4) Die term **“Rapporteerbare Jurisdiksie”** beteken enige jurisdiksie anders as die Verenigde State van Amerika of Suid-Afrika.
- (5) Die term **“Deelnemende Jurisdiksie”** beteken 'n jurisdiksie waarmee Suid-Afrika 'n ooreenkoms in plek het waarvolgens die jurisdiksie die inligting uiteengesit in Artikel I sal verskaf, en wat—
- (a) in die geval van die “MCAA” geïdentifiseer word in 'n gepubliseerde lys en van tyd tot tyd deur die OESO opgedateer word; en
- (b) in die geval van 'n ander multilaterale of bilaterale ooreenkoms of reëling tussen Suid-Afrika en 'n jurisdiksie wat nie op die “MCAA”-lys is nie, geïdentifiseer word in 'n lys en van tyd tot tyd deur die SAID opgedateer word.
- (6) Die term **“Beherende Persone”** beteken die natuurlike persone wat beheer oor 'n Entiteit uitoefen. In die geval van 'n trust, beteken sodanige term die afrekenaar(s), die trustees(s), die bewaarder(s) (as daar is), die begunstigde(s) of klas(se) van begunstigdes, en enige ander natuurlike persoon(one) wat uiteindelijke effektiewe beheer oor die trust uitoefen, en in die geval van 'n regsreëling anders as 'n trust, beteken sodanige term persone in ekwivalente of soortgelyke posisies. Die term “Beherende Persone” moet uitgelê word op 'n wyse wat met die “Financial Action Task Force Recommendations” strook.
- (7) Die term **“NFE”** beteken enige Entiteit wat nie 'n Finansiële Instelling is nie.
- (8) Die term **“Passiewe NFE”** beteken enige: (i) NFE wat nie 'n Aktiewe NFE is nie; of (ii) 'n Investeringsentiteit beskryf in subparagraaf A(6)(b) wat nie 'n Deelnemende Jurisdiksie Finansiële Instelling is nie.
- (9) Die term **“Aktiewe NFE”** beteken enige NFE wat aan enige van die volgende vereistes voldoen:
- (a) Minder as 50 persent van die NFE se bruto inkomste vir die voorafgaande Rapporteringstydperk is passiewe inkomste en minder

as 50 persent van die bates gehou deur die NFE gedurende die voorafgaande Rapporteringstydperk of ander geskikte Rapporteringstydperk is bates wat passiewe inkomste genereer of wat vir die generering van passiewe inkomste gehou word;

- (b) Die aandele van die NFE word gereeld op 'n gevestigde aandelemerk verhandel of die NFE is 'n Verwante Entiteit van 'n Entiteit waarvan die aandele gereeld op 'n gevestigde aandelemerk verhandel word;
- (c) Die NFE is 'n Regeringsentiteit, 'n Internasionale Organisasie, 'n Sentrale Bank, of 'n Entiteit wat geheel deur een of meer van die voorafgaande besit word;
- (d) Wesenlik al die bedrywighede van die NFE bestaan uit die hou (in geheel of gedeeltelik) van die uitstaande aandele van, of lewing van finansiering en dienste aan, een of meer filiale wat betrokke is by ander beroepe of besighede as die besigheid van 'n Finansiële Instelling, behalwe dat 'n NFE nie vir hierdie status kwalifiseer nie indien die NFE funksioneer (of sig uithou) as 'n investeringsfonds, soos 'n private-ekwiteitsfonds, waagkapitaalfonds, gehefboomde-uitkoopfonds, of enige investeringsmiddel waarvan die doel is om maatskappye te verkry of te befonds en dan belange in daardie maatskappye as kapitale bates vir investeringsdoeleindes te hou;
- (e) Die NFE word nog nie as 'n besigheid bedryf nie en het geen vooraf bedryfsgeskiedenis nie, maar belê kapitaal in bates met die doel om 'n ander besigheid as dié van 'n Finansiële Instelling te bedryf, op voorwaarde dat die NFE nie vir hierdie uitsondering kwalifiseer na die datum wat 24 maande na die datum van die aanvanklike organisasie van die NFE is nie;
- (f) Die NFE was nie 'n Finansiële Instelling in die afgelope vyf jaar nie, en is in die proses om sy bates te likwideer of is besig om te herorganiseer met die doel om bedrywighede in 'n ander besigheid as dié van 'n Finansiële Instelling voort te sit of weer te begin;
- (g) Die NFE is primêr betrokke by finansiering en dekking van transaksies met, of vir, Verwante Entiteite wat nie Finansiële Instellings is nie, en verskaf nie finansiering- of dekkingsdienste aan enige Entiteit wat nie 'n Verwante Entiteit is nie, op voorwaarde dat die groep van enige sodanige Verwante Entiteite primêr by 'n ander besigheid as dié van 'n Finansiële Instelling betrokke is; of
- (h) Die NFE voldoen aan al die volgende vereistes:
 - (i) Dit word in sy jurisdiksie van inwoning uitsluitlik vir godsdienstige, liefdadigheids-, wetenskaplike, kuns-, kulturele, atletiek-, of opvoedkundige doeleindes opgerig en bedryf; of dit

word in sy jurisdiksie van inwoning opgerig en bedryf en dit is 'n professionele organisasie, besigheidsliga, sakekamer, arbeidsorganisasie, landbou- of tuinbou-organisasie, burgerliga of 'n organisasie wat uitsluitlik vir die bevordering van maatskaplike welsyn bedryf word;

- (ii) Dit word in sy jurisdiksie van inwoning van inkomstebelasting vrygestel;
- (iii) Dit het geen aandeelhouders of lede wat 'n eienaars- of voordeelbelang in sy inkomste of bates het nie;
- (iv) Die toepaslike wette van die NFE se jurisdiksie van inwoning of die NFE se stigtingsdokumente laat nie toe dat enige inkomste of bates van die NFE uitgekeer word aan, of toegepas word vir die voordeel van, 'n private persoon of nie-liefdadigheids-entiteit anders as volgens die voer van die NFE se liefdadigheidsbedrywighede, of as betaling van redelike vergoeding vir dienste gelewer, of as betaling wat die billike markwaarde verteenwoordig van eiendom wat die NFE gekoop het nie; en
- (v) Die toepaslike wette van die NFE se jurisdiksie van inwoning of die NFE se stigtingsdokumente vereis dat, by die NFE se likwidering of ontbinding, al sy bates uitgekeer word aan 'n Regeringsentiteit of ander organisasie sonder winsoogmerk, of verval aan die regering van die NFE se jurisdiksie van inwoning of enige politieke onderafdeling daarvan.

E. Diverse

- (1) Die term **“Rekeninghouer”** beteken die persoon as die houër van 'n Finansiële Rekening deur die Finansiële Instelling wat die rekening in stand hou, gelys of geïdentifiseer. 'n Persoon, anders as 'n Finansiële Instelling, wat 'n Finansiële Rekening vir die voordeel of rekening van 'n ander persoon as agent, bewaarder, benoemde, ondertekenaar, investeringsadviseur, of tussenganger hou, word nie behandel as die rekening vir doeleindes van hierdie Aanhangel te hou nie, en sodanige ander persoon word behandel as die rekening te hou. In die geval van 'n Kontantwaarde Versekeringskontrak of 'n Annuïteitskontrak, is die Rekeninghouer enige persoon wat geregtig is om toegang tot die Kontantwaarde te hê of om die begunstigde van die kontrak te verander. Indien geen persoon toegang tot die Kontantwaarde kan kry of die begunstigde kan verander nie, is die Rekeninghouer enige persoon as die eienaar in die kontrak genoem en enige persoon met 'n gevestigde geregtigheid tot betaling kragtens die terme van die kontrak. By opeisbaarheid van 'n Kontantwaarde Versekeringskontrak of 'n

Annuïteitskontrak, word elke persoon wat geregtig is om 'n betaling kragtens die kontrak te ontvang as 'n Rekeninghouer behandel.

- (2) Die term **“TGW/KJK-prosedures”** beteken die kliënt-omsigtigheidsprosedures van 'n Rapporterende Finansiële Instelling volgens die teen-geldwassery of soortgelyke vereistes waaraan sodanige Rapporterende Finansiële Instelling onderhewig is.
- (3) Die term **“Entiteit”** beteken 'n regspersoon of 'n regsreëling, soos 'n korporasie, vennootskap, trust, of stigting.
- (4) 'n Entiteit is 'n **“Verwante Entiteit”** van 'n ander Entiteit indien (i) enige van die Entiteite die ander Entiteit beheer; (ii) die twee Entiteite onder gemeenskaplike beheer is; of (iii) die twee Entiteite, Investeringsentiteite beskryf in subparagraaf A(6)(b) is, onder gemeenskaplike bestuur is, en sodanige bestuur die omsigtigheidsverpligtings van sodanige Investeringsentiteite nakom. Vir hierdie doel sluit beheer regstreekse of onregstreekse eienaarskap van meer as 50 persent van die stem en waarde in 'n Entiteit in.
- (5) Die term **“BIN”** beteken Belastingpligtige-identifiseringsnommer (of funksionele ekwivalent by gebrek aan 'n Belastingpligtige-identifiseringsnommer).
- (6) Die term **“Dokumentêre Bewys”** sluit enige van die volgende in:
 - (a) 'n Sertifikaat van inwoning uitgereik deur 'n gemagtigde regeringsliggaam (byvoorbeeld, 'n regering of agentskap daarvan, of 'n munisipaliteit) van die jurisdiksie waarin die begunstigde beweër 'n inwoner te wees.
 - (b) Met betrekking tot 'n individu, enige geldige identifisering uitgereik deur 'n gemagtigde regeringsliggaam (byvoorbeeld, 'n regering of agentskap daarvan, of 'n munisipaliteit), wat die individu se naam insluit en wat tipies vir identifiseringsdoeleindes gebruik word.
 - (c) Met betrekking tot 'n Entiteit, enige amptelike dokumentasie uitgereik deur 'n gemagtigde regeringsliggaam (byvoorbeeld, 'n regering of agentskap daarvan, of 'n munisipaliteit) wat die naam van die Entiteit en óf die adres van sy vernaamste kantoor in die jurisdiksie waarin dit beweër 'n inwoner te wees óf die jurisdiksie waarin die Entiteit ingelyf of georganiseer is, insluit.
 - (d) Enige geouditeerde finansiële staat, derde-party-kredietverslag, bankrotskap-aansoek, of aandelereguleerder se verslag.
- (7) Die term **“Common Reporting Standard”** of **“CRS”** beteken die Gemeenskaplike Standaard vir Rapportering en Omsigtigheid vir Finansiële-rekeninginligting.

- (8) Die term “**Multilateral Competent Authority Agreement**” of “**MCAA**” beteken die ooreenkoms geteken deur Deelnemende Jurisdiksies vir doeleindes van die implementering van die “Standard for Automatic Exchange of Financial Account Information in Tax Matters”.
- (9) Die term “**Rapporteringstydperk**” beteken die tydperk wat op 1 Maart 2016 begin en wat op die laaste dag van Februarie 2017 eindig en daarna die tydperk wat begin op 1 Maart van elke jaar wat op 2016 volg en wat op die laaste dag van Februarie van die volgende kalenderjaar eindig.
- (10) Die term “**SAID**” beteken die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

In die geval van konflik tussen die Wet op Belastingadministrasie en die “MCAA”, die “Convention on Mutual Administrative Assistance in Tax Matters” of enige ander internasionale-belastingooreenkoms, het laasgenoemde die oorwig oor die Wet op Belastingadministrasie.

Artikel IX

Aanvullende Rapportering- en Omsigtigheidsreëls vir Finansiële-rekeninginligting

A. Verandering in omstandighede

- (1) 'n “Verandering in omstandighede” sluit in enige verandering wat die toevoeging van inligting van toepassing op 'n persoon se status tot gevolg het of andersins met sodanige persoon se status bots. Daarbenewens sluit 'n verandering in omstandighede in enige verandering of toevoeging van inligting by die Rekeninghouer se rekening (insluitend die toevoeging, vervanging, of ander verandering van 'n Rekeninghouer) of enige verandering of byvoeging van inligting tot enige rekening wat met sodanige rekening verband hou (met toepassing van die rekeningaggregasie-reëls beskryf in subparagrafe C(1) tot en met (3) van Artikel VII) indien sodanige verandering of byvoeging van inligting die status van die Rekeninghouer raak.
- (2) Indien 'n Rapporterende Finansiële Instelling staatgemaak het op die inwoningsadres-toets beskryf in subparagraaf B(1) van Artikel III en daar is 'n verandering in omstandighede wat die Rapporterende Finansiële Instelling veroorsaak om te weet of rede te hê om te weet dat die oorspronklike Dokumentêre Bewys (of ander ekwivalente dokumentasie) onjuis of onbetroubaar is, moet die Rapporterende Finansiële Instelling, teen die laaste van die laaste dag van die toepaslike Rapporteringstydperk, of 90 kalenderdae wat volg op die kennisneming of ontdekking van sodanige verandering van omstandighede, 'n self-sertifisering en nuwe Dokumentêre Bewys om die inwoning(s) vir belastingdoeleindes van die Rekeninghouer te bepaal, verkry. Indien die

Rapporterende Finansiële Instelling nie die self-sertifisering en nuwe Dokumentêre Bewys teen sodanige datum kan verkry nie, moet die Rapporterende Finansiële Instelling die elektroniese-rekordsoektogprosedure beskryf in subparagrafe B(2) tot en met (6) van Artikel III toepas.

B. Self-sertifisering vir Nuwe Entiteitsrekenings

Met betrekking tot Nuwe Entiteitsrekenings, vir doeleindes van die bepaling of 'n Beherende Persoon van 'n Passiewe NFE 'n Rapporteerbare Persoon is, kan 'n Rapporterende Finansiële Instelling slegs op 'n self-sertifisering van óf die Rekeninghouer óf die Beherende Persoon staatmaak.

C. Inwoning van 'n Finansiële Instelling

- (1) 'n Finansiële Instelling is "inwonend" in 'n Deelnemende Jurisdiksie indien dit aan die jurisdiksie van sodanige Deelnemende Jurisdiksie onderhewig is in soverre die Deelnemende Jurisdiksie in staat is om rapportering deur die Finansiële Instelling af te dwing. In die algemeen, waar 'n Finansiële Instelling vir belastingdoeleindes in 'n Deelnemende Jurisdiksie inwonend is, is dit aan die jurisdiksie van sodanige Deelnemende Jurisdiksie onderhewig en is dit dus 'n Deelnemende Jurisdiksie Finansiële Instelling.
- (2) In die geval van 'n trust wat 'n Finansiële Instelling is (ongeach of dit vir belastingdoeleindes in 'n Deelnemende Jurisdiksie inwonend is), word die trust beskou aan die jurisdiksie van 'n Deelnemende Jurisdiksie onderhewig te wees indien een of meer van sy trustees in sodanige jurisdiksie inwonend is, behalwe indien die trust al die inligting wat kragtens die "Common Reporting Standard" met betrekking tot Rapporteerbare Rekenings deur die trust in stand gehou, gerapporteer moet word, aan 'n ander Deelnemende Jurisdiksie rapporteer omdat vir belastingdoeleindes in sodanige ander jurisdiksie inwonend is.
- (3) Waar 'n Finansiële Instelling (anders as 'n trust) nie inwoning vir belastingdoeleindes het nie (byvoorbeeld omdat dit as belastingdeursigtig behandel word, of dit geleë is in 'n jurisdiksie wat nie 'n inkomstebelasting het nie), word dit beskou aan die jurisdiksie van 'n Deelnemende Jurisdiksie onderhewig te wees en is dit dus 'n Deelnemende Jurisdiksie Finansiële Instelling indien:
 - (a) dit kragtens die wette van die Deelnemende Jurisdiksie ingelyf is;
 - (b) dit sy plek van bestuur (insluitend effektiewe bestuur) in die Deelnemende Jurisdiksie het; of
 - (c) dit in die Deelnemende Jurisdiksie aan finansiële oorsig onderhewig is.
- (4) Waar 'n Finansiële Instelling (anders as 'n trust) in twee of meer Deelnemende Jurisdiksies inwonend is, sal sodanige Finansiële Instelling

onderhewig wees aan die rapporterings- en omsigtigheidverpligtings van die Deelnemende Jurisdiksie waarin dit die Finansiële Rekening(s) in stand hou.

D. Rekening in stand gehou

In die algemeen word 'n rekening beskou deur 'n Finansiële Instelling in stand gehou te word, as volg:

- (1) in die geval van 'n Bewaringsrekening, deur die Finansiële Instelling wat bewaring oor die bates in die rekening hou (insluitend 'n Finansiële Instelling wat bates in straatnaam vir 'n Rekeninghouer in sodanige instelling hou);
- (2) in die geval van 'n Depositorekening, deur die Finansiële Instelling wat verplig is om betalings met betrekking tot die rekening te maak (behalwe 'n agent van 'n Finansiële Instelling ongeag of sodanige agent 'n Finansiële Instelling is);
- (3) in die geval van enige ekwiteits- of skuldbelang in 'n Finansiële Instelling wat 'n Finansiële Rekening uitmaak, deur sodanige Finansiële Instelling;
- (4) in die geval van 'n Kontantwaarde Versekeringskontrak of 'n Annuïteitskontrak, deur die Finansiële Instelling wat verplig is om betalings met betrekking tot die kontrak te maak.

E. Inwoning van sekere Entiteite

'n Entiteit soos 'n vennootskap, beperkte-aanspreeklikheidsvennootskap of soortgelyke regsreëling wat geen inwoning vir belastingdoeleindes het nie, ooreenkomstig subparagraaf D(3) van Artikel VIII, sal behandel word as inwonend in die jurisdiksie waarin sy plek van effektiewe bestuur geleë is. Vir hierdie doeleindes, word 'n regspersoon of 'n regsreëling beskou "soortgelyk" aan 'n vennootskap en 'n beperkte-aanspreeklikheidsvennootskap te wees waar dit nie in 'n Deelnemende Jurisdiksie kragtens die belastingwetgewing van sodanige jurisdiksie as 'n belasbare eenheid behandel word nie. Ten einde dupliserende rapportering te vermy, gesien die breë bestek van die term "Beherende Persone" in die geval van trusts, mag 'n trust wat 'n Passiewe NFE is, nie as 'n soortgelyke regsreëling beskou word nie.

F. Adres van Entiteit se vernaamste kantoor

- (1) Een van die vereistes beskryf in subparagraaf E(6)(c) van Artikel VIII is dat, met betrekking tot 'n Entiteit, die amptelike dokumentasie insluit óf die adres van die Entiteit se vernaamste kantoor in 'n jurisdiksie waarin dit beweer 'n inwoner te wees of 'n jurisdiksie waarin die Entiteit ingelyf of georganiseer is. Die adres van die Entiteit se vernaamste kantoor is gewoonlik die plek waarin sy plek van effektiewe bestuur geleë is.

- (2) Die adres van 'n Finansiële Instelling waarby die Entiteit 'n rekening in stand hou, 'n posbus, of 'n adres slegs vir posdoeleindes gebruik, is nie die adres van die Entiteit se vernaamste kantoor nie tensy sodanige adres die enigste adres is wat deur die Entiteit gebruik word en dit as die Entiteit se geregistreerde adres in die Entiteit se organisasie-dokumente verskyn.
- (3) 'n Adres wat voorsien word onderhewig aan opdrag om alle pos aan daardie adres te hou, is nie die adres van die Entiteit se vernaamste kantoor nie.

G. Dokumentêre Bewys van Voorafbestaande Entiteitsrekening

Met betrekking tot 'n Voorafbestaande Entiteitsrekening, mag 'n Rapporterende Finansiële Instelling as Dokumentêre Bewys gebruik enige klassifisering in die Rapporterende Finansiële Instelling se rekords met betrekking tot die Rekeninghouer wat:

- (1) bepaal is gebaseer op 'n gestandaardiseerde bedryfskoderingstelsel;
- (2) deur die Rapporterende Finansiële Instelling opgeteken is in navolging van sy normale besigheidspraktyke vir doeleindes van TGW/KJK-prosedures of ander regulatoriese doeleindes (anders as vir belastingdoeleindes); en
- (3) deur die Rapporterende Finansiële Instelling geïmplementeer is voor die datum gebruik om die Finansiële Rekening as 'n Voorafbestaande Rekening te klassifiseer,

op voorwaarde dat die Rapporterende Finansiële Instelling nie weet of nie rede het om te weet dat sodanige klassifikasie onjuis of onbetroubaar is nie. Die term “gestandaardiseerde bedryfskoderingstelsel” beteken 'n koderingstelsel wat gebruik word om instellings volgens besigheidstipe vir doeleindes anders as belastingdoeleindes te klassifiseer.

Artikel X

Effektiewe implementering

- A.** Die volgende reëls en administratiewe prosedures is van toepassing om effektiewe implementering van, en voldoening aan, die rapportering- en omsigtigheidsprosedures hierbo uiteengesit, te verseker.

(1) Teen-ontduiking

(a) Indien—

- (i) 'n persoon enige reëlings aangaan; en
- (ii) die hoofdoel, of een van die hoofdoelstellings, van die persoon by die aangaan van die reëlings is om enige verpligting kragtens die “Common Reporting Standard” te ontduik,

geld hierdie Regulasies asof die reëlings nie aangegaan is nie.

- (b) Indien 'n Nie-rapporterende Finansiële Instelling nie langer 'n Nie-rapporterende Finansiële Instelling is nie aangesien dit nie langer aan die vereistes vir 'n Nie-rapporterende Instelling kragtens artikel VIII(B) of Aanhangel II voldoen nie, word dit 'n Rapporteerbare Finansiële Instelling vanaf die oomblik dat dit nie langer aan sodanige vereistes voldoen nie.
 - (c) Indien 'n Uitgeslote Rekening nie langer 'n Uitgeslote Rekening is nie aangesien dit nie langer aan die vereistes vir 'n Uitgeslote Rekening kragtens artikel VIII(C)(17) of Aanhangel II voldoen nie, word dit 'n Rapporteerbare Rekening vanaf die oomblik dat dit nie langer aan sodanige vereistes voldoen nie.
- (2) **Sanksies vir nie-nakoming in die voorsiening van inligting aan 'n Rapporteerende Finansiële Instelling**

Nie-nakoming van enige verpligting kragtens hierdie Regulasies sluit in nie-nakoming soos bedoel in artikel 26(4) van die Wet deur:

- (a) 'n Rapporteerbare Persoon wat 'n Rekeninghouer is,
- (b) indien die Rapporteerbare Persoon 'n Entiteit is, enige Beherende Persoon(one) van daardie entiteit; of
- (c) enige ander persoon;

waarvan 'n Rapporteerende Finansiële Instelling inligting, 'n dokument of ding vereis ten einde die inligting vereis kragtens artikel I te verkry en te rapporteer en om enige ander vereistes van hierdie Regulasies na te kom.

B. Hierdie Regulasies geld vanaf 1 Maart 2016.